



Wes-Kaapse  
Regering

Maatskaplike Ontwikkeling



Jaarlikse Prestasieplan  
2021/22

**Wes-Kaapse Regering  
Departement van Maatskaplike  
Ontwikkeling**

**Jaarlikse Prestasieplan vir  
2021/2022**



**Wes-Kaapse  
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

**VIR JOU**

## Vrywaring

Die Engelse weergawe van die Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige wanvertolkings wat gedurende die vertaalproses voorgekom het nie.

Hierdie jaarlikse prestasieplan is opgestel deur die hoofdirekoraat: sakebeplanning en strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om addisionele afskrifte van hierdie dokument te bekom, kontak asseblief:

Die Departementshoof

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Privaat sak X9112

Kaapstad

8000

Suid-Afrika

Tel: +27-21-483 5121

e-pos: [DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za](mailto:DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za)

**PR:** 01/2021

**ISBN:** 978-0-621-49083-1

**Titel van publikasie:** Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Jaarlikse Prestasieplan 2021/2022

Tolvrye nr.: 0800 220 250

Webwerf: <http://www.westerncape.gov.za>

## Verklaring deur Uitvoerende Gesag

Ten tyde van die skryf van hierdie Verklaring deur die Uitvoerende Gesag, bevind die provinsie hom midde in die wêreldwye COVID-19-pandemie wat die kollig op die maatskaplikedienssektor laat val het.

Die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Jaarlikse Prestasieplan (JPP) vir die boekjaar 2021/22 word begelei deur die departement se Strategiese Plan 2020-2025 wat Visie 2030, soos vervat in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), en die mediumtermyn-strategieraamwerk (MISR) 2019 – 2024 weerspieël.

Die voortslepende COVID-19-pandemie het daartoe gelei dat regerings oral in die wêreld hul begrotings herprioritiseer ten einde die impak van die virus in gemeenskappe te bekamp. In hierdie verband is die Wes-Kaapse Regering geen uitsondering nie. Dit het die departement egter geensins van stryk gebring in sy voorneme om dienste vir ouer persone, skuilings vir slagoffers van mishandeling, psigososiale ondersteuningsdienste, kinderbeskermingsdienste, dienste vir mense met gestremdhede, dienste vir jonger mense (veral jeug in gevaar), dienste vir daardie individue en gesinne wat middelmisbruiksteurings (MMS'e) ervaar asook dienste ter versterking van gesinne te voorsien nie.

Die kernmandaat van die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is om te verseker dat 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste gelewer word wat die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig. Die departement sal dus voortgaan om maniere te vind om inwoners met 'n behoefte aan dienste te bereik, sonder om in te boet aan die gehalte van dienste wat aan inwoners van die Wes-Kaap gelewer word.

Ter nakoming van die departement se kernmandaat sal ons voortgaan om te fokus op die bou van maatskaplikediensberoepslui se kapasiteit, beide dié in diens van die regering en dié in diens van organisasies sonder winsbejag (OSW's). Dit sal veral van waarde wees namate die vraag na ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste en gemeenskapontwikkelingsintervensies oral in die Wes-Kaapse provinsie toeneem.

As departement is ons steeds onwrikbaar daartoe verbind om maatskaplike inklusie te bevorder, armoede te verminder en om werk te maak van talle van die maatskaplike euwels wat in die Wes-Kaap aangetref word in reaksie op die behoeftes van die mense in ons provinsie en, in die besonder, die behoeftes van ons kwesbaarste burgers.

Die plaag van geweld teen vroue en kinders stem ons as regering tot groot kommer en is een van die redes waarom die provinsiale kabinet die Wes-Kaapse Veiligheidsplan daargestel het. Alhoewel baie dienste aangepas is as gevolg van die COVID-19-pandemie, prioritiseer die departement steeds die bekamping van geslagsgebaseerde geweld (GGG) en die bevordering van die beveiliging van vroue en kinders, 365 dae van die jaar.

Ondanks die aanvanklike ontwrigting van dienslewering wat gedurende die afgelope boekjaar veroorsaak is deur die harde inperking weens die COVID-19-pandemie het die departement, met die ondersteuning van sy OSW-vennote, huisvesting vir mishandelde vroue en hul kinders gebied, asook berading, kos en skuiling, regshulp, vaardigheidsontwikkeling en selfs, waar nodig, middelmisbruik- en vroeëkindontwikkelingsprogramme op die persele. Die departement het ook addisionele opleiding aangebied vir huismoeders van befondsde skuilings en vir maatskaplikehulpwerkers wat op die terreine van traumaverligting en -ondersteuning werksaam is.

Die departement sal voortgaan om dienste te lewer met 'n fokus op geslagsgebaseerde geweld, met inbegrip van voorkomende werk met seuns en mans. Hierdie intervensies is gemeenskapsgebaseer. Dit vind aansluiting by ons werk in die direktoraat herstellende dienste wat, onder andere, fokus op MMS'e en maatskaplike misdad.

Die waarde van goeie staatsbestuur en etiese leierskap geniet steeds voorrang en sal die voorneme om dienste vinnig en op 'n responsiewe wyse te lewer ondersteun.

As departement sal ons aanhou om doeltreffend te werk te gaan en op 'n wyse wat die veiligheid, waardigheid en welstand bevorder van die Wes-Kaapse burgers in wie se diens ons staan, veral dié wat die kwesbaarste is. Ek vertrou dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan doeltreffend uitdrukking gee aan ons doelwitte vir die komende boekjaar en dat dit die Administrasie, wat met die implementering daarvan getaak is, sal begelei.

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'Sharna Fernandez', written in a cursive style.

**Sharna Fernandez**  
**Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaapse Regering:**  
**Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**  
**9 Maart 2021**

## Verklaring deur Rekenpligtige Beampte

Die jaar 2020 is gekenmerk deur die verklaring van 'n nasionale ramptoestand deur President Ramaphosa op 22 Maart met vyf fases van inperking wat in reaksie op die COVID-19-pandemie geïmplementeer sal word. Hierdie gebeure het verdere skokke op 'n reeds kwynende ekonomie ontketen en die impak van die vele maatskaplike euwels waaronder Suid-Afrikaanse gemeenskappe gebuk gaan vererger. Ook dié departement kon nie hierdie ekonomiese skokke vryspring nie aangesien besuinigingsmaatreëls in die vorm van begrotingsbesnoeiings die departement genoodsaak het om sy begroting só te prioriteer dat voorkeur verleen word aan OSW's wat afskaling en werksverliese in die gesig staar, sowel as aan humanitêre noodleniging in arm gemeenskappe wat reeds gebuk gaan onder stygende werkloosheid, 'n toenemende gebrek aan voedselsekurniteit en verslegtende sekurniteit wat aangevuur word deur 'n toename in geslagsgebaseerde geweld (GGG).

Teen hierdie agtergrond, en met die Wes-Kaapse Herstelplan as riglyn (in die besonder die welstand- en veiligheidsprioriteite), sal die departement gedurende die 2021/22-boekjaar fokus op statutêre intervensies sowel as dié wat in opdrag van die hof uitgevoer moet word, humanitêre noodleniging ter ondersteuning van gemeenskappe, die ondersteuning van haweloses, die bekamping van GGG, voortgesette ondersteuning van die OSW-sektor en verskaffing van persoonlike beskermende toerusting (PBT) aan beide OSW's en personeel. Dit is hier van belang dat hierdie intervensies geïmplementeer gaan word deur gebruik te maak van die hele-samelewing-benadering (WoSA) wat gegrond is op nouer koördinerings met ander provinsiale departemente, die nasionale regering, distrik- en plaaslike munisipaliteite, die burgerlike samelewing, vennote in die private sektor en die gemeenskappe aan wie ons 'n diens lewer. Hierdie intervensies bou voort op die uitkomst van die Wes-Kaapse Regering (WKR) se visiegeïnspireerde prioriteite (in die besonder VIP 1 en VIP 3) sowel as die departement se top-prioriteite en die veiligheidsprioriteite.

Rakende vroeëkindontwikkeling, sal die departement voortgaan om probleme van 'n programmatiese aard sowel as dié wat op COVID-19 betrekking het, aan te spreek deur finansiële ondersteuning vir PBT en die sanitasie van fasiliteite te bied. Om kindertjies te beveilig en aan die leer te hou en tegelyk die lewensbestaan van VKO-praktisyns te beveilig, is en sal altyd belangrik bly. Hierdie ondersteuning sal gepaard gaan met 'n volgehoue klem op die veldtog om VKO's te registreer en te herregistreer ten einde te verseker dat fasiliteite en programme aan basiese norme en standaarde voldoen sowel as aan die gesondheids- en veiligheidsregulasies soos bepaal deur die Kinderwet en dié van die onderskeie munisipaliteite se verordeninge. Gegewe die naderende oordrag van hierdie funksie aan die Wes-Kaapse Departement van Onderwys is hierdie aspek veral belangrik aangesien die departement ten doel het om te verseker dat hierdie oordrag glad verloop. Verskeie gesprekke en vergaderings is reeds interdepartementeel met die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD) gehou ter voorbereiding vir die voorgenome verskuiwing van die VKO-funksie.

Die departement sal steeds gespesialiseerde leerderondersteuningsprogramme aanbied wat voorsiening maak vir arbeidsterapie-, spraakterapie- en verwante gespesialiseerde ondersteuning in die VKO-omgewing ten einde skoolgereedheid te verseker. Dit is veral belangrik aangesien baie kinders VKO betree met uitdagings verwant aan die bereiking van ontwikkelingsmylpale. Insgelyks is die voortsetting van die skoolgebaseerde kinderbeskermingsprogram wat deur maatskaplike werkers by skole in die provinsie se 11 misdaadbrandpunte geïmplementeer word 'n belangrike hulpmiddel om die gaping tussen skole en die kinderbeskermingsstelsel te oorbrug sodat kinders wat in gevaar is so gou as moontlik geïdentifiseer word en die risiko dat hulle skool sal verlaat, verlaag kan word.

In reaksie op die goedkeuring van die nasionale strategiese plan oor geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord sal die departement, met begeleiding deur die Wes-Kaapse ministerie vir maatskaplike ontwikkeling, die ontwikkeling en implementering van 'n WKR-GGG- implementeringsplan fasiliteer, wat ook die volle inbedryfstelling van ses addisionele GGG-skulings in die provinsie behels. Dit sal die aantal en die verspreiding van GGG-skulings oral in die provinsie verhoog. Hierdie bykomende skulings en verwante dienste sal van krag wees in die Bergrivier-, Swartland-, Hessequa- en Sentrale Karoo-munisipaliteite. Die implementeringsplan maak ook voorsiening vir die daarstelling van 'n genderhulpkantoor in die Wes-Kaapse ministerie van maatskaplike ontwikkeling. Dit sal verseker dat

die departement gepas reageer op kwessies wat deur hierdie sektor geopper word. Voorts, gegewe dat 30 ervare maatskaplike werkers wat in die voorkoming van en dienste verwant aan GGG spesialisser via die departement se streeks- en plaaslike diensleweringkantore ontplooi gaan word, sal die provinsiale veiligheidsprioriteit en areagebaseerde intervensies om misdaad in brandpunte te voorkom, ondersteun word.

Skuilingsdienste vir hawelose mense en voedselsekureit sal steeds dieselfde voorrang geniet as in die 2020/21-boekjaar. Die inperkingsmaatreëls wat weens die COVID-19-pandemie ontplooi is, het 'n humanitêre krisis veroorsaak wat kwesbare gesinne se voedselsekureit en werk in gevaar gestel het en verhoed het dat haweloses gebruik kon maak van die plekke waar hulle normaalweg skuiling sou vind. Via sy COVID-19-voedselnoodlenigingsplan kon die departement heelwat verligting bied. In die jaar wat voorlê, sal die departement steeds ondersteuning bied aan distrik- en Kategorie B-munisipaliteite wat tydelike skuilings in landelike gebiede bied en tegelyk die uitbreiding van bedspasie en die gelyklopende herintegrasiedienste via befondsde skuilings voortsit. Die departement sal ook volhard met sy voedselsekureitinisiatiewe via bestaande geteikende kosverskaffingspersele en gemeenskapsvoeding- en ontwikkelingsentrums (GVOS'e). Die meer as 14 000 maaltye wat daaglik by sy 92 geteikende kosverskaffingspersele bedien word, sal aangevul word deur die verskaffing van kosvoorrade aan gemeenskapskombuise en die migrasie van begunstigdes na volhoubare bestaansmiddele wat deur ontwikkelingsgerigte programme versterk sal word, met inbegrip van kennisuitruiling, opvoeding, opleiding en vaardigheidsontwikkeling. In die geval van laasgenoemde, sal die program voortgaan om aan die hand van die profilering van begunstigdes 'n gepaste aansluiting by opleidings- en werksgeleenthede te vind. Dit sal ook steeds toegang tot maatskaplike noodleniging, soos geadmistrateer deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA), fasiliteer vir rampslagoffers en/of daardie huishoudings/individue wat gebuk gaan onder erge ontberings. Die vernaamste rol wat dié departement in 'n gekoördineerde interregeringsrespons op die pandemie vervul het, was om prosesse daar te stel wat dit moontlik gemaak het om goedere wat deur die korporatiewe en openbare sektore geskenk is, doeltreffend namens die WKR te bestuur en om te verseker dat hierdie donasies die begunstigdes bereik waarvoor dit bestem is. Die koördinering van donasies sal steeds aansienlike insette van die departement verg ten einde volgehoue doeltreffende en doelmatige aanwending te verseker.

Kindersorg en -beskerming tel steeds onder die departement se top- statutêre mandate en die fokus van intervensies soos dié van die geïntegreerde Isibindi-program sal steeds geïmplementeer word. Hierdie program en sy netwerk van dienste, met inbegrip van die Oog-op-die-Kind- en Instapsentrumprogram sowel as proef- en afwentelingsdienste, bied 'n reeks intervensies wat op gesinne in gevaar fokus. Hierdie programme en intervensies word ondersteun deur 24-uur-kinderbeskermingsdienste, die implementering van die provinsiale bestuursplan en strategie vir pleegsorg en 'n model vir 'n velertei programme en gespesialiseerde dienste wat kinders in alternatiewe sorg se herintegrasie met hul gemeenskappe aanhelp. Na afloop van 'n toetsprogram sal die webgebaseerde stelsel om pleegsorg te bestuur in die loop van die 2021/22-boekjaar oral in die provinsie ontplooi word. Benewens die daarstelling van 'n omvattende en dinamiese databasis vir pleegsorg sal dié stelsel ook tydig administratiewe intervensie moontlik maak om oponthoude in die behartiging van gevalle te verhoed.

Die fokus op kinders met gestremdhede is gebiedend noodsaaklik. Daarom sal die departement ondersteunende strukture vir die ouers van kinders met gestremdhede versterk, die 2010-hofbeslissing dat die regering redelike maatreëls moet tref om voorsiening te maak vir die onderwysbehoefte van erge en volslae gestremde kinders verder tot uitvoer bring, en die toetsprojek rakende die registrasie van gedeeltelikesorgfasiliteite/dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede afhandel ten einde sy wetgewende mandaat, soos voorgeskryf in Hoofstuk 5 van die Kinderwet (38/2005), tot uitvoer te bring.

Toegang tot departementeelbestuurde residensiële sorg vir persone met gestremdhede is gedurende die vorige boekjare uitgebrei, en die Sivuyile-fasiliteit maak nou voorsiening vir 110 beddens, vergeleke met die 80 in 2019/20. Versterking van gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme en beskermende werksinkels vir volwassenes met gestremdhede tesame met die standaardisering van dienste met die oog op 'n verbetering in die gehalte van sorg geniet steeds voorrang, en só ook voorspraak vir verbeterde toegang tot geleenthede en die bevordering van die regte van mense met gestremdhede. Net soos in die geval van mense met gestremdhede, wentel

die mandjie van dienste wat aan ouer persone gelewer word rondom die bevordering van hul regte, welstand en waardigheid. Ondersteuning sal steeds verleen word aan modelle vir die alternatiewe versorging en ondersteuning van ouer persone soos selfsorg- en hulpleefinwoning sowel as gemeenskapsgebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste, en 'n mentorskapmodel sal ontwikkel word om residensiële fasiliteite te ondersteun wat nie oor sterk bestuursvaardighede beskik nie en in finansiële nood verkeer. Insgelyks sal hulp met PBT ten nouste gemoniteer word by fasiliteite in gevaar wat dienste aan beide mense met gestremdhede en ouer persone verleen. Die COVID-19-protokolle wat deur die departement en die provinsiale Departement van Gesondheid (DvG) ontwikkel is, is geïmplementeer en sal nougeset gemonitor word om te verseker dat COVID-19-infeksies nie onbeheersd versprei nie en bestuur word. Befondsing is beskikbaar gestel vir PBT by residensiële fasiliteite vir ouer persone en mense met gestremdhede. Verdere befondsing vir PBT sal beskikbaar gestel word namate 'n geïdentifiseerde behoefte daaraan ontstaan.

Geweld teen vroue en kinders word dikwels aangevuur deur middelmisbruik en daarom sal die departement voortgaan om dienste vir middelmisbruiksteurings aan te bied. Hierdie dienste omvat 'n reeks voorkomende, vroeë-intervensie-, behandeling- en nasorgdienste wat afgestem is op die doeltreffende herintegrasie van kliënte in hul gemeenskap van oorsprong en die samelewing in geheel. Dit sal ook steeds inisiatiewe insluit wat ten doel het om werk te maak van die skadelike effek van fetalealkoholsindroomsteurings (FASS) in kinders. Die departement sal voortgaan om MMS-voorkoming-en-behandelingsprogramme by al sy kinder- en jeugsorgsentrums (KJSS'e) aan te bied en hierdie dienste na GGG-skuilings en skuilings vir hawelose volwassenes uitbrei. Die departement het die eenvormige toelatingsproses gefinaliseer sowel as die gepaardgaande boekie om te verseker dat opnames by binnepasiënt-behandelingsentrusms glad verloop. Opleiding met betrekking tot die opnameboekie sal in die 2021/22-boekjaar 'n aanvang neem. Die departement sal voortgaan met die registrasie en herregistrasie van handelingsentrusms vir middelmisbruik, en kapasiteit op die terrein van sorg vir verslaafdes en gemeenskapsgebaseerde voorkoming en behandeling van middelmisbruiksteurings sal ook uitgebrei word deur toegang te bied tot gespesialiseerde opleiding in hierdie verband. Ter ondersteuning van 'n gekoördineerde interregeringsrespons op middelmisbruik, en om die nasionale plan teen dwelmmisbruik tot uitvoer te bring, sal die departement steeds sy samewerking via die Wes-Kaapse Middelmisbruikforum aan distriksmunisipaliteite bied om plaaslike dwelmaksiekomitees (PDAK's) op die been te bring, te koördineer en te implementeer. Gedurende die 2020/21-boekjaar was 13 PDAK's reeds ten volle op dreef met 'n verdere sewe PDAK's in die oorblywende munisipaliteite wat ondersteuning ontvang sodat hulle ook op dreef kan kom. Voortgesette ondersteuning van hierdie PDAK's en die uitbouing van hul kapasiteit via aanlyn platforms word in die vooruitsig gestel, onderwyl die departement ook sal help om nuwe PDAK's op die been te bring.

Vaardigheidontwikkelingsprogramme vir die jeug sal steeds aanlyn by die 12 Jeugkafees oral in die provinsie gelewer word. Wat die toekoms betref, word daar voorsien dat geakkrediteerde aanlyn opleiding as metodologie noodwendig voorkeur sal geniet, en dit ontsluit opsigself talle meer opleidingsgeleenthede. Die departement sal steeds saam met gemeenskapsgebaseerde organisasies werk wat by jeugontwikkeling betrokke is in areas waar Jeugkafee-dienste nie beskikbaar is nie. Volgende op die oponthoude wat weens die sluiting van skole gedurende die COVID-19-pandemie veroorsaak is, kon daar uiteindelik voortgegaan word met die implementering van die "Sanitêre waardigheid"-projek, en teen Januarie 2021 is 555 516 pakke sanitêre doekies onder 94 817 vroulike leerders in grade 4 – 12 by 221 skole oral in die provinsie versprei. Hierdie program sal in die 2021/22-boekjaar voortgesit word.

Die departement sal steeds die skep van werksgeleenthede via die Uitgebreide-openbarewerkeprogram (UOWP) fasiliteer. Die UOWP is 'n verneme departementele program wat by wyse van tydelike werk werkloos van 'n inkomste voorsien en armoede verlig. As 'n belangrike wyse om inkomste aan arm huishoudings oor te dra, het dit ten doel om 'n mate van maatskaplike sekuriteit oor die kort- tot mediumtermyn te bied deur werksgeleenthede te skep binne die OSW-sektor. Voorts sal die program Institusionele Kapasiteitsbou (IKB), tesame met sy meer as 2 000 OSW-vennote, steeds poog om aan die kwesbares in die provinsie se dwingende behoefte aan maatskaplike dienste te voldoen deurdat hierdie program OSW's sal ondersteun met hul registrasie en voldoening aan OSW-verwante wetgewing sodat 'n hoë standaard van staatsbestuur gehandhaaf kan word.

## **Afsluiting**

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan het ten doel om die noodsaaklike en statutêre dienste van die departement progressief in ooreenstemming te bring met die oorkoepelende beleidsprioriteite van die NOP, die MTSR en dié van die provinsie soos uiteengesit in die PSP en WK-herstelplan.

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'R. Macdonald', written in a cursive style.


**Dr. Robert Macdonald**  
**Rekenpligtige Beamppte van die Wes-Kaapse Regering:**  
**Departement van Maatskaplike Ontwikkeling**  
**9 Maart 2021**

**Amptelike affekening**


Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Deur die bestuur van die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onder leiding van me. S. Fernandez, Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, voorberei is;
- Ag slaan op alle tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verantwoordelik is; en
- 'n Akkurate weerspieëling is van die uitkomste en uitsette wat die Wes-Kaapse Regering se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gaan poog om in die tydperk 2021-2022 te bereik.


Charles Jordan  
Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en VKO

Handtekening: 

Leana Goosen  
Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn en  
Herstellende Dienste

Handtekening: 


Mzwandile Hewu  
Hoofdirekteur: Gemeenskap- en  
Vennootskapsontwikkeling

Handtekening: 

Juan Smith  
Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur

Handtekening: 


Marion Johnson  
Hoofdirekteur: Sakebeplanning en Strategie

Handtekening: 

Robert Macdonald  
Rekenpligtige Beampte

Handtekening: 

**Goedgekeur deur:**  
Sharna Fernandez  
Uitvoerende Gesag  
9 Maart 2021

Handtekening: 

<b>Inhoud</b>	
<b>Vrywaring</b> .....	<b>2</b>
<b>Verklaring deur Uitvoerende Gesag</b> .....	<b>3</b>
<b>Verklaring deur Rekenpligtige Beampte</b> .....	<b>5</b>
<b>Deel A: Ons mandaat</b> .....	<b>11</b>
1. Grondwetlike mandaat, wetgewende en beleidsmandate .....	11
2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk .....	17
3. Tersaaklike Hofuitsprake .....	19
<b>Deel B: Ons Strategiese Fokus</b> .....	<b>21</b>
4. Omstandighedsontleding .....	21
4.1 Ontleding van die eksterne omgewing .....	21
4.2 Ontleding van die interne omgewing .....	28
<b>Deel C: Meet van Ons Prestasie</b> .....	<b>31</b>
5. Institusionele programprestasie-inligting .....	31
5.1 Program 1: Administrasie .....	31
5.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste .....	35
5.3 Program 3: Kinders en Gesinne .....	44
5.4 Program 4: Herstellende dienste .....	53
5.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing .....	63
6. Openbare entiteite .....	71
7. Infrastruktuurprojekte .....	72
8. Openbare-private-vennootskappe (OPV's) .....	73
<b>DEEL D: Beskrywing van tegniese aanwysers</b> .....	<b>74</b>
<b>Bylae tot die Jaarlikse Prestasieplan</b> .....	<b>139</b>
Bylae A: Wysigings aan die strategiese plan .....	139
Bylae B: Voorwaardelike toekennings .....	140
Bylae C: Gekonsolideerde aanwysers .....	141
Bylae D: Distrikontwikkelingsmodel .....	142
Bylae E: Akronieme .....	144

## Deel A: Ons mandaat

### 1. Grondwetlike mandaat, wetgewende en beleidsmandate

#### Grondwet

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees.

#### Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
Wet op Maatskaplikediensberoep, 1978 (110/1978) soos gewysig in 1995, 1996 en 1998	Dié wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (SARMD) daargestel wat die magte en funksies van die maatskaplikediensraad en -beroep omskryf.
Kinderwet (38/2005)	<p>Dié wet is op 1 April 2010 by wyse van 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Die regte en verantwoordelikhede van kinders;</li> <li>● Ouerlike verantwoordelikhede en regte;</li> <li>● Beginsels van en riglyne vir die beskerming van kinders;</li> <li>● Die bevordering van die welstand van kinders; en</li> <li>● Die konsolidasie van die wette wat met die welsyn en beskerming van kinders verband hou en aangeleenthede wat hiermee verband hou.</li> </ul> <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggeregshof gedateer April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● 'n Versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig besit (in hierdie geval 'n ouma), as 'n pleegouer aangestel kan word; en</li> <li>● Nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Hulp of sy regulasies vereis dat die pleegouer se inkomste ondersoek moet word. Derhalwe moet die finansiële situasie van die kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige ondersteuningsplig het nie die finansiële middele het om dit te doen nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoekenning aansoek doen.</li> </ul>
Kinderwysigingswet (17/2016)	<p>Hierdie wet wysig die Kinderwet, 2005 om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● sekere omskrywings in te voeg;</li> <li>● te bepaal dat 'n persoon wat aan sekere oortredings skuldig bevind is, nie geskik geag word om met kinders te werk nie;</li> <li>● 'n persoon wat aan oortredings teen kinders skuldig bevind is, die geleentheid te bied om verhoër te word oor waarom daardie persoon nie as ongeskik geag moet word om met kinders te werk nie;</li> <li>● te bepaal dat die nasionale kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens die direkteur-generaal moet voorsien van al die besonderhede van persone wat as ongeskik om met kinders te werk, bevind is;</li> <li>● te bepaal dat persone wat aan oortredings teen kinders skuldig bevind is, op die voorgeskrewe wyse aansoek kan doen om hul besonderhede uit die Register te verwyder;</li> <li>● te bepaal dat 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder, hersien kan word;</li> <li>● die omstandighede waaronder 'n kind aanneembaar is, uit te brei; en</li> <li>● die impakte van 'n aannemingsbevel uit te brei deur te bepaal dat alle ouerlike verantwoordelikhede en die regte van die ander ouer van 'n kind nie outomaties met die toestaan van 'n aannemingsbevel ten gunste van die wederhelf of permanente huishoudelike</li> </ul>

Wetgewing	Impak op DMO se funksionaliteit
	lewensmaat toegestaan word nie en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat hiermee verband hou.
Tweede Kinderwysigingswet (18/2016)	<p>Hierdie wet wysig die Kinderwet, 2005 om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● nuwe omskrywings in te voeg;</li> <li>● te bepaal dat die verwydering van 'n kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel vir hersiening voor die kinderhof moet dien vóór die verstryking van die volgende hofdatum;</li> <li>● te bepaal dat 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder, hersien moet word;</li> <li>● te bepaal dat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling 'n kind of 'n persoon van een vorm van alternatiewe sorg na 'n ander vorm van alternatiewe sorg kan oorplaas; te bepaal dat 'n aansoek dat 'n kind ná die ouderdom van 18 jaar in alternatiewe sorg moet bly, ingedien moet vóór die einde van die jaar waarin die betrokke kind die ouderdom van 18 jaar bereik; en</li> <li>● bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders (2/2019)	<p>Hierdie wet lê bepalings neer vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir Kinders in die Wes-Kaapse Provinsie en aangeleenthede wat uit só 'n aanstelling voortspruit sowel as vir sekere aangeleenthede wat met daardie amp verband hou.</p> <p>Die amp Kommissaris vir Kinders is ingevolge artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 ingestel, en hierdie artikel bepaal dat die Kommissaris die Wes-Kaapse Regering moet bystaan in die beskerming van die provinsie se kinders en die bevordering van hul regte, behoeftes en belange.</p>
Wysigingswet op Proefdienste (35/2002)	<p>Sy doel is om die Wet op Proefdienste van 1991 te wysig ten einde sekere omskrywings in te voeg en om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● verdere bepalings neer te lê vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gerig is;</li> <li>● die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei;</li> <li>● die pligte van assistentproefbeamptes te bepaal;</li> <li>● verpligte evaluering van gearresterde kinders te bepaal;</li> <li>● die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te bepaal;</li> <li>● die aanwysing van gesinsopspoorders te bepaal; en</li> <li>● bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>
Wet op Gesinsgeweld (116/1998)	Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen mishandeling te bied.
Wet op Ouer Persone (13/2006)	<p>Die wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit sowel as die bekamping van die misbruik van ouer persone.</p> <p>Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● die wysheid en vaardighede van ouer persone, en bepalings neer lê vir:</li> <li>● ouer persone se deelname aan gemeenskapsake;</li> <li>● die regulering van die registrasie van ouer persone se dienste; en</li> <li>● die daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.</li> </ul> <p>Anders as die Wet op Bejaarde Persone (81/1967) het die klem vanaf institusionele sorg na gemeenskapgebaseerde sorg verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.</p>
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008)	Die wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die terrein van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapgebaseerde en vroeë-intervensieprogramme sowel as die registrasie van alle terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Wet op Kindergeregtigheid (75/2008)	Dié wet stel 'n proses vir strafregspleging daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hulle oortredings begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm.

<b>Wetgewing</b>	<b>Impak op DMO se funksionaliteit</b>
Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (6/2012)	Hierdie wet wysig die Wysigingswet op Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die opleë van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013)	Die wet bring die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, tot uitvoer en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge (13/2005)	Die wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder met die oog daarop om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.
Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (54/2008)	Die wet het ten doel om geleenthede vir die koördinerende van aangeleenthede verwant aan jeugontwikkeling te skep en te bevorder.
Wet op Maatskaplike Bystand (13/2004)	Hierdie wet lê bepalings neer vir die lewering van maatskaplike bystand aan persone en die meganismes vir die lewering van sodanige bystand; die daarstelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Fondsinsameling (107/78)	Hierdie wet lê bepalings neer vir die beheer van die insameling van bydraes komende van die publiek; die aanstelling van 'n direkteur van fondsinsameling; die stigting van 'n ramphulpfonds, 'n fonds vir die Suid-Afrikaanse Weermag en 'n vlugtelingnoodlenigingsfonds; die verklaring van sekere gebeure as rampe; en ander aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Rampbestuurwet (57/2002)	Hierdie wet lê bepalings neer vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid (wat fokus op voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, verligting van die felheid van rampe, noodgereedheid, blits- en effektiewe reaksie op rampe en herstel ná rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums; rampbestuurvrywilligers; en ander aangeleenthede wat hiermee verband hou.
Wet op Geestesgesondheid (17/2002)	Hierdie wet lê bepalings neer vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; sit verskillende prosedures uiteen wat gevolg moet word vir die opname van sodanige persone; en bepaal hoe die eiendom van geestesongestelde persone versorg en geadministreer moet word.
Wet op Maatskaplikediensberoep (110/1978); regulasies verwant aan die registrasie van 'n spesialisiteit in proefdienste (2013)	Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerant nr. 36159, gedateer 15 Februarie 2013, vol. 572, nr. 9911 gepubliseer is, is afgestem op die regulering en verbetering van proefdienste.

## Beleidsmandate

<b>Beleid</b>	<b>Impak op DMO se funksionaliteit</b>
Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) 2019-24:	Hierdie is die regering se strategiese plan vir die 2014-2019-verkiesingstermyn. Dit weerspieël die beloftes wat in die regerende party se verkiesingsmanifest gemaak is, insluitend die voorneme om die NOP te implementeer. Die MTSR stippel die regering se handelinge uit sowel as die teikens wat behaal moet word. Die MTSR het ten doel om samehang, ooreenstemming en koördinerende oor alle regeringsplanne heen sowel as ooreenstemming met begrotingsprosesse te verseker.
Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (2012)	Die Nasionale Beplanningskommissie het die "Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030" op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stig wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verlaag. Die bygewerkte "Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – maak dit werk" is in die loop van 2012 gepubliseer.
EenKaaP2040: Van Visie tot Aksie (2012)	Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n transisie na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
	vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam daaraan kan werk om hul streekseksonomie en die samelewing oor die algemeen te ontwikkel deur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue langtermyn-voortgang te begelei.
Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019 - 24	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering se visie en prioriteite uiteensit en voortbou op die grondslag wat tydens die laaste twee ampstermyne neergelê is. Die WKR is daartoe verbind om 'n waardegebaseerde, bevoegde regering te bou wat geleenthede moontlik maak en verantwoordelikheid in 'n veiliger Wes-Kaap bevorder. Die visie – 'n veilige Wes-Kaap waar almal kan floreer – is verwoord in die vyf visie-geïnspireerde strategiese prioriteite wat vir die tydperk 2019-2024 geïdentifiseer is, naamlik: Veilige en koherente gemeenskappe; Groei en werksgeleenthede; Bemagtiging van mense; Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en Innovasie en kultuur.
Wes-Kaapse Herstelplan (konsep) (2021)	Hierdie plan verleen erkenning aan en is 'n respons op die COVID-19-pandemie en die negatiewe sosio-ekonomiese impakte wat dit op die burgers van die Wes-Kaap het. Dit identifiseer die probleme waaraan dringend aandag geskenk moet word vanuit 'n Hele-Samelewing-Benadering sodat werk geskep kan word, veilige gemeenskappe gekoester word en die welstand van alle inwoners van die Wes-Kaap bevorder word. Hierdie plan sal geïmplementeer word binne die omvang van die vyf visie-geïnspireerde strategiese prioriteite soos verwoord in die PSP (2019-24).
Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)	Die witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur begeleidende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynstelsels te bepaal.
Witskrif op Bevolkingsbeleid (1998)	Die witskrif bevorder die ontwikkeling en handhawing van alle Suid-Afrikaners se lewensgehalte deur bevolkingsvraagstukke by die ontwikkelingsbeplanning van die onderskeie regeringsfere en alle sektore van die samelewing te integreer. Die departement het 'n mandaat ontvang om die implementering van die beleid te monitor sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapontwikkelingsdienste (2015) soos gewysig in 2017	Die doel met hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige manier bestuur word wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, ondubbelsinnige prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid in die hand werk. Dit sal die DMO in staat stel om sy missie te verwesenlik rakende die verskaffing van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste en geleenthede wat hulpbehoewendes, kwesbare mense en diegene met spesiale behoeftes bemagtig.
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013)	Die hoofdoel van hierdie witskrif is om gesinswelstand te kweek, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk en gesinskweptes deel van die hoofstroom van regeringswye beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die departement het 'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Forum vir Gesinsdienste aanvaar is.
Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk stem ooreen met die geïntegreerde dienslewingsmodel (GDLM) en lê bepalinge neer vir 'n gestandaardiseerde proses waardeur maatskaplike werkers generiese maatskaplikewelsynsdienste sal voorsien wat van die verlangde gehalte, omvattend, geïntegreer en regtegebaseerd is en wat oor voldoende hulpbronne beskik.
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Verskaf die maatstawwe vir die lewering van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.
Nasionale Dwelmeesterplan 2019-2024 (2019)	Dié plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008) te koördineer. Sy doel is om te verseker dat die land 'n eenvormige respons op middelmisbruik het.

<b>Beleid</b>	<b>Impak op DMO se funksionaliteit</b>
Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2012)	Bepaal die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, studentmaatskaplikewerkers, hulpmaatskaplikewerkers, leerling- hulpmaatskaplikewerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaatspraktisyns ten einde bedrewe, professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (v.4) (2012)	Hierdie nasionale raamwerk lê bepalings neer vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan.
Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013)	Om die departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te begelei, te informeer en te rig en om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanninginstrument wat daarop afgestem is om werk te maak van jongmense in die Wes-Kaap se behoeftes.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie (is) om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol oorgaan tot verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voor-jeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeug'-fase tussen 15 en 24.
Geïntegreerde Provinsiale Strategie vir Vroeëkindontwikkeling 2011-2016 (2011)	Hierdie strategie bied toegang tot kwaliteit vroeëkindontwikkeling (insluitend graad R) wat soveel kinders as moontlik in staat sal stel om die veerkragtigheid, selfvertroue, vaardighede en bevoegdhede te ontwikkel om te verseker dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van graad 1 tot 12 sal wees.
Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017)	Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroom-maatskaplikeontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te begelei en te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede beskerm en nagekom word deur relevante sosio-ekonomiese programme en dienste te lewer wat hul insluiting verseker.
Beleidsraamwerk: Dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdhede (2015)	Die doel van die beleidsraamwerk is die lewering van gekoördineerde en soomlose dienste aan mense met intellektuele gestremdhede (MIG) deur verskillende provinsiale departemente/sektore om 'n persoonsgesentreerde benadering tot MIG en hul gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van die MIG regoor sektore en gepaste departementele rolle, verantwoordelikhede en moontlike finansieringsmodelle te bepaal ten einde in die geïdentifiseerde behoeftes te voorsien.
Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (PROR) (2014)	Die raamwerk dien as basis om "op-die-grond"-lewering van nasionale en provinsiale programme te koördineer, te integreer en in ooreenstemming te bring; ondersteun munisipaliteite om hul munisipale beplanningsmandaat na te kom in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; en ondersteun en kommunikeer die regering se voornemens met ruimtelike ontwikkeling aan die private sektor en burgerlike samelewing.
Beleid oor die Oorsig, Vrylating en Herintegrasie van Gevonnise Inwoners in DMO-Kinder- en Jeugsorgsentrums na Minder Beperkende Alternatiewe of Ouersorg (2014)	Hierdie beleid verskaf riglyne vir die oorsig, vrylating en herintegrasie van gevonnise inwoners in KJSS'e deur uitplasings na minder beperkende alternatiewe sorg kragens Hoofstuk 11 van die Kinderwet (38/2005) en Regulasies.
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se standaardbedryfsprosedure (SBP) vir die verwydering van straatkinders na 'n plek van veiligheid en daaropvolgende prosesse (2015)	Die SBP is ontwikkel as 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n kind met 'n behoefte aan sorg en beskerming na 'n plek van veiligheid verwyder word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede uiteen van die departement se personele en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektore. Die SBP verskaf besonderhede oor die tydsraamwerke waarby gehou moet word, verskaf omskrywings van straatkinders, bepaal op wie die prosedure van toepassing is, lig toepaslike wetgewing toe, en bevat kontaknommers van die tersaaklike rolspelers.

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
Gehalteversekeringsraamwerk vir prestasiemonitering van maatskaplikewelsyn- en gemeenskapontwikkelingsdienslewering (2015)	Hierdie provinsiale raamwerk stem ooreen met die Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en stel omvattende prestasiemonitering voor via 'n gehalteversekeringsbenadering tot gemeenskapontwikkeling- en maatskaplikewelsynsdienste in die departement sowel as die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op gehalteverbetering in dienslewering en omskryf die standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemoniteer en bestuur behoort te word.
Die Gehalteversekeringsstrategie vir Kinder-en-jeugsorgsentrums 2016-2018 (2016)	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe bestuur en nakoming van vereistes rakende registrasie en nasionale norme en standaarde vir KJSS'e.
Nasionale Geïntegreerde Vroeëkindontwikkelingsbeleid (2015)	Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering in Suid-Afrika vir vroeëkindontwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke gapings die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende vroeëkindontwikkelingsprogram van gehalte te verseker wat geskik is ten opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase en wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hul versorgers soos dit in die NOP beoog word.
Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) (2016)	Hierdie strategie bepaal die voorsiening en voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme oral in die provinsie wat met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuurbesikbaarheid ooreenstem.
Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedselsekerheid en Voeding (2016)	Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding teiken spesifieke tekortkominge van die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit al die inwoners van die Wes-Kaap dien. Die Strategiese Raamwerk sit uitkomstige en oogmerke uiteen wat programme verbind tot 'n afname in mense wat honger ly en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om alle mense wat in die Wes-Kaap woon, te ondersteun om aktiewe en produktiewe lewens te lei.
Wes-Kaapse Regering se Hele-Samelewing-Benadering (WoSA) tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018)	Die WoSA stel veilige, sosiaal-verbonde, veerkragtige en bemagtigde landsburgers en gemeenskappe met gelyke toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede in die vooruitsig. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling vanuit 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenstemming te verkry rakende die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling deur 'n "Hele-Samelewing-Benadering" te bevorder.
Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015)	Hierdie witskrif onderskryf 'n hoofstroomtrajek vir die verwesenliking van die regte van persone met gestremdhede deur die totstandbrenging van 'n vrye en regverdige samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke landsburgers insluit. Dit begelei en moedig selfverteenwoordiging van persone met gestremdhede aan. Dit sit die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede in die breë uiteen deur middel van nege strategiese pilare wat belanghebbendes die verantwoordelikheid opleë om die volgehoue sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit bied leiding aan die Wes-Kaapse DMO om struikelblokvrye, gepaste, doeltreffende, doelmatige en gekoördineerde dienslewering te verskaf.
Wes-Kaapse Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid 2015 – 2020 (2015)	Die Wes-Kaapse DMO se Hoofstroomstrategie vir Gestremdheid is 'n strategiese vyfjaarplan wat leiding bied aan die departement rakende die gebruik van 'n hoofstroomstrategie om kwessies in verband met gestremdheid die fokuspunt regdeur die departement se dienslewering te maak.
Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020)	Bied 'n multisektorale, samehangende strategiese beleid en programmeringsraamwerk ten einde 'n gekoördineerde nasionale respons deur die Suid-Afrikaanse regering en die land as geheel tot die

Beleid	Impak op DMO se funksionaliteit
	krisis van geslagsgeweld en vrouemoord te verseker, met 'n spesifieke fokus op geweld teen vroue en kinders.


## 2. Institusionele beleide en strategieë oor die vyfjaar-beplanningstydperk

Die COVID-19-pandemie het 'n blitsrespons aan die kant van die regering genoodsaak ten einde die verspreiding van die virus te stuit en dienslewering te versnel, veral in die vorm van humanitêre noodleniging, kindersorg en -beskerming, die mitigasie van geslagsgebaseerde geweld (GGG), ondersteuning vir haweloses en die verskaffing van persoonlike beskermende toerusting (PBT) aan beide personeel en OSW-vennote. Met die PSP as riglyn, het die WK-herstelplan die provinsiale regering se kort- tot mediumtermyn- strategiese respons tot die maatskaplike en ekonomiese impak van COVID-19 uiteengesit. Die plan stel vier temas voorop – COVID-19-herstel, werkskepping, welstand en veiligheid – en is toegespits op die handhawing van individue en groepe se waardigheid. Die departement se beleide en strategieë stem grotendeels ooreen met dié plan se veiligheid- en welstandsprioriteite. Die departement sal steeds 'n integrale rol vervul in die lewering van hulp en noodleniging aan haweloses; die implementering van voedselverligting- en voedingondersteuningsprogramme; die verskaffing van PBT-ondersteuning vir VKO; gespesialiseerde VKO-leerderondersteuningsprogramme; die VKO-registrasieveldtog; en die verskaffing van psigososiale ondersteuning in areas wat as COVID-19-brandpunte geïdentifiseer is. Die meeste hiervan is 'n voortsetting van intervensies wat gedurende die 2020/21-boekjaar ter ondersteuning van die WK-herstelplan geïmplementeer is. Voorts sal die departement 'n ondersteunende rol vervul in die ontwikkeling van die veiligheidswaakstelsel en die beskrywing van WKR-veiligheidsintervensies, met 'n spesifieke fokus op die 11 misdaadbrandpunte, sowel as die beskrywing van voedselverligtingspogings oral in die provinsie.

Die departement se beleide en strategieë is weer eens in ooreenstemming gebring met nasionale en provinsiale strategiese planne. Op 'n nasionale vlak, is hierdie beleide en strategieë in ooreenstemming gebring met Prioriteit 4 van die MTSR 2019-2024, naamlik, "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", en stem dus ook ooreen met die NOP. Provinsiaal sal die implementering van hierdie beleide bydra tot die progressiewe verwesenliking van die uitkomst van die WKR se VIP 1: "Veilige en koherente gemeenskappe" en VIP 3: "Bemagtiging van mense" deur middel van die departement se top- en veiligheidsprioriteite. Die veiligheid- en welstandtemas vervat in die WK-herstelplan is verlengings van die WKR se VIP 1 en VIP 3.

Die departement se top-prioriteit is om bewysgebaseerde intervensies te ontwikkel en te verskaf vir ouers, versorgers en gesinne in gevaar deur hul kwesbaarheid te verlaag en gesinne en gemeenskappe se veerkragtigheid op te bou. Intervensies sluit hofgelaste vroeëintervensieprogramme in wat aspekte dek soos gesinsbehoud, huweliksberading en psigososiale ondersteuningsdienste, sowel as statutêre dienste soos formele bemiddeling en ooreenkomste rakende ouerskapsregte en -verantwoordelikhede in die geval van kindersorg. Dit omvat ook post-statutêre intervensies soos gesinshereniging en die verskaffing van veilige alternatiewe sorg vir kinders, kinders wat met die gereg gebots het, kinders wat verhoorafwagtend is en kinders wat gevonnissen is. Bykomende dienste sluit gesinshereniging in vir hawelose volwassenes deur middel van departementeelbefondsde skuilings en slagofferbemagtigingsprogramme wat veilige ruimtes bied en die weg baan om verwys te word na gespesialiseerde behandeling, rehabilitasie en nasorgdienste vir vroue en kinders wat deur GGG geïmpakkeer is. Die departementele veiligheidsprioriteit is daarop afgestem om die gaping tussen die skool en die kinderbeskermingstelsel te verklein en gaan fokus op die identifisering, toeganklikheid en verskaffing van psigososiale en gespesialiseerde maatskaplikewysnondersteuning vir kinders en jeugdige in gevaar wat laer- en hoërskole in die 11 vernaamste misdaadbrandpunte in die provinsie bywoon.

Figuur 1: Metro-misdaadbrandpunte/ Veiligheidsplan per DMO-dienslewingsgebied



### 3. Tersaaklike Hofuitsprake

#### **Wes-Kaapse Forum vir Verstandelike Gestremdeheid: Hofbevel (saaknommer: 18678/2007)**

Uitspraak wat op 11 November 2010 gelewer is, het die regering opdrag gegee om redelike maatreëls te tref vir die opvoedkundige behoeftes van erge of volslae gestremde kinders. Ter nakoming van hierdie hofbevel maak die departement voorsiening vir die salarisse van programimplementeerders en die versorgers van verstandelikgestremde kinders by dagsorgsentrums en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders van en na die sentrums.

#### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) insake kinders met erge of volslae gedragsversteurings (saaknommer: 73662/16)**

Ooreenkomstig 'n hofbevel wat op 2 Augustus 2018 uitgereik is, is die nasionale departemente van maatskaplike ontwikkeling, gesondheid en onderwys gelas om voorsiening te maak vir toepaslike alternatiewe sorg vir, die lewering van gesondheidsdienste aan en akkommodering van die onderwysbehoefte van kinders met ernstige of volslae ontwrigtende gedragsversteurings. 'n Intersektorale projekbeheer Komitee is op die been gebring om maatreëls in plek te stel sodat hierdie aangeleentheid by wyse van 'n intersektorale plan en implementeringsplan aandag geniet.

#### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap) insake slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (saaknommer: SS17/2017)**

Volgens die uitspraak wat op 21 September 2017 deur dié hof gelewer is, moet die WKR se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gepaste langtermyn-monitering, -berading en -nasorgdienste aan slagoffers van seksuele oortredings bied. Voorts moet die departement verseker dat dienste wat deur DMO-befondsde OSW's verskaf word aan die vereistes voldoen wat in hul oordragbetalingsooreenkomste uitgestip is.

#### **Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) insake die pleegsorgstelsel (saaknommer: 55477/2020)**

Volgens die uitspraak wat op 12 November 2020 deur dié hof gelewer is, moet die nasionale en provinsiale departemente van maatskaplike ontwikkeling sowel as SASSA pleegsorgbevele wat sedert November 2019 verstryk het, steeds gestand doen en bestuur. Die nasionale departement van maatskaplike ontwikkeling is aangesê om (binne 12 maande ná die hofbevel) die nodige wysigings aan die Kinderwet (2005) voor te berei en voor te lê. Hierbenewens word enige pleegsorgbevel wat teen die tyd van hierdie hofbevel verstryk het, as geldig en geldend geag vir 12 maande vanaf die datum van die hofbevel of totdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik. Voorts is die provinsiale departemente van maatskaplike ontwikkeling aangesê om driemaandelikse verslae rakende vordering met hierdie aangeleentheid voor te lê.

#### **Ooreenstemming met prioriteite wat wêreldwyd en nasionaal geïdentifiseer is**

Die departement se institusionele beleide en begrotings is in ooreenstemming gebring met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-24 MTSR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer." Op sy beurt, is hierdie prioriteit (gegrond op die departement se top- en veiligheidsprioriteite) in ooreenstemming gebring met, onderskeidelik, die provinsiale VIP 1 en VIP 3: "Veilige en koherente gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense".

Die departement onderskryf verskeie internasionale doelwitte en agendas en het juis daarom 'n verpligting om hulle te implementeer. Voorbeelde hiervan is die Verenigde Nasies se Agenda 2030 en die doelwitte wat vir volhoubare ontwikkeling (VOD's) gestel is. Die aspirasies soos verwoord in die VOD's vind aanklank by daardie wat in die 2030 NOP en die Wes-Kaapse provinsiale kabinet se VIP's vervat is, sowel as by die statutêre en beleidsmandate van die departement.<sup>1</sup>

Die departement se programme is ook in ooreenstemming met verskeie internasionale verbintenisse, verdrae en ooreenkomste wat verband hou met kindersorg en -beskerming, byvoorbeeld die VN se Konvensie oor die Regte van die Kind (UNCRC, 1995), die Afrika Handves oor die Regte en die Welstand van die Kind (2000), die Haagse Konvensie oor die Siviele Aspekte van Internasionale

<sup>1</sup> Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram(UNDP), 2015. Verkrygbaar van <https://www.undp.org/content/undp/en/home/sustainable-development-goals.html> (Datum van toegang: 23 Oktober 2019).

Kinderontvoering (1997) en die Haagse Konvensie oor die Beskerming van Kinders en Samewerking ten opsigte van Interstaatlike Aanneming (2003). Die essensie van hierdie verdrae, internasionale verbintenisse en ooreenkomste is vervat in beide die wetgewende en beleidsmandate van die departement

Ten opsigte van die norme en standaarde vir die versorging en ondersteuning van ouer persone, erken die departement die Madrid- Internasionale Plan van Aksie vir Veroudering en die Verklaring oor die Regte van Ouer Persone. In die lewering van dienste aan persone met gestremdhede word die departement gelei deur die norme en standaarde soos vervat in die VN se Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede (UNCPRD).

Ten opsigte van sy misdaadsvoorkomingsprogram en benewens bogenoemde, onderskryf die departement die VN se standaarde en minimum reëls vir misdaadvoorkoming soos:

- VN se Standaardminimumreëls oor die Administrasie van Geregtigheid vir Jeugdige (Beijing-reëls, 1985)
- Die Reëls vir die Beskerming van Mense wat van hul Vryheid Ontneem is (VN-JDL-reëls, 1990 – 2009)
- Die Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte (ICCPR, 1966)
- Die Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Strawwe (CAT, 2008)

Internasionale verdrae oor menseregte vereis van staatspartye om pro-aktiewe stappe te neem om te verseker dat die menseregte van vroue deur die reg gerespekteer word en om diskriminasie, ongelykhede en praktyke wat vroue se regte negatief beïnvloed, te elimineer. Ingevolge internasionale wetgewing oor menseregte kan vroue ook geregtig wees op bepaalde bykomende regte soos dié wat verband hou met reprodktiewe gesondheidsorg. Die slagofferbemaagtigingsprogramme wat deur die departement gelewer word, is in ooreenstemming met internasionale verbintenisse wat betrekking het op:

- VN se Verklaring van Basiese Beginsels van Geregtigheid vir Slagoffers van Misdaad en Magsmisbruik (1985)
- Konvensie oor die Eliminatie van alle vorme van Diskriminasie teen Vroue (CEDAW, 1979; 2016)
- VN se Protokol om Mensehandel te Voorkom, te Onderdruk en te Straf (2000)
- Die Konvensie teen Marteling en ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Behandeling of Strawwe (CAT, 2008)
- Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) se Konvensies oor Gedwonge Arbeid (1930; 2014 – 2016)

Met betrekking tot middelmisbruikvoorkoming, -behandeling en -rehabilitasie, is die departement se intervensies in ooreenstemming met die Konvensie oor Psigotropiese Middels en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se Protokol vir die Bestryding van Onwettige Dwelmmiddels. Alhoewel Suid-Afrika nie 'n ondertekenaar van die VN se Konvensie teen die Onwettige Handel in Verdowingsmiddels en die Enkele Konvensie oor Verdowingsmiddels is nie, onderskryf dit wel die beginsels en inhoud van hierdie konvensies.

## Deel B: Ons Strategiese Fokus

### Visie

'n Selfonderhoudende samelewing

### Missie

Om te verseker dat 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste gelewer word wat die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

### Waardes

Die departement onderskryf die kernwaardes van die WKR, naamlik:



## 4. Omstandighedsontleding

Die departement het sy provinsiale voetspoor vergroot en het gegroei van een hoofkantoor met 16 distrikskantore in 2009 tot een hoofkantoor wat toesig hou oor ses streekskantore met 45 plaaslike kantore, waaronder verskeie dienspunte. In landelike gebiede waar toeganklikheid dikwels deur afstand bemoeilik word, het die departement 'n diensleweringsspan per plaaslike munisipaliteit op die been gebring. Voorts het die departement meer as 2 000 oordragbetalingsooreenkomste met OSW's aangegaan ten einde doeltreffende en doelmatige dienslewering moontlik te maak. Deur middel van hierdie ekstensiewe netwerk verseker die departement dat dienste nader aan gemeenskappe gebring word sodat diegene met die grootste nood gehelp kan word.

### 4.1 Ontleding van die eksterne omgewing

In die prioritisering van dienslewering vir die jaar wat voortlê bly die breër sosio-ekonomiese impak wat COVID-19 en die gevolglike inperkingsmaatreëls op individue, huishoudings, gemeenskappe en departementele dienslewering het, steeds 'n faktor wat telkens in ag geneem moet word. Die kwessie rondom personeel en kliënte se veiligheid word al hoe belangriker. Deurlopende intervensies wat beklemtoon waarom dit belangrik is om sosiale afstande te handhaaf, maskers te dra en hande en oppervlakke te ontsmet, is dus nodig en noodsaak ook dat die provinsiale strategie vir COVID-19-brandpunte in samewerking met toonaangewende provinsiale departemente soos Gesondheid en Onderwys geïmplementeer word.

Volgens ramings is die provinsie se totale populasie in 2021 op 7,1 miljoen geskat<sup>2</sup>. StatsSA (2020) het beraam dat daar teen 2020 meer as 2 miljoen huishoudings in die Wes-Kaap sal wees met 'n gemiddelde grootte van 3,4 lede per huishouding<sup>3</sup>. In die eerste kwartaal van 2020 het die provinsie se werkloosheidskoers op 20,9 persent gestaan<sup>4</sup> (StatsSA, 2020), wat daarop neerkom dat een uit elke vyf mense werkloos is. Ná 'n aanvanklike styging in werkloosheid in die eerste kwartaal van 2020, het die werkloosheidskoers gedurende die tweede kwartaal afgeneem tot 16,6 persent voordat dit in die laaste helfte van 2020 weer gestyg het, met die gevolg dat die werkloosheidskoers teen die einde van 2020 op 22,5 gestaan het. Dit het egter gepaard gegaan met 'n styging in die uitgebreide werkloosheidskoers. Wanneer die omskrywing van uitgebreide werkloosheid in ag geneem word (waarby diegene wat nie werk soek nie, ingesluit word), het die werkloosheidskoers van 24,8 persent in die eerste kwartaal van 2020 gestyg tot 26,8 persent in die vierde kwartaal van 2020<sup>4</sup>.

<sup>2</sup> StatsSA. (2020). *Mid-year Population Estimates, 2020. Province projections by sex and age (2021-2025)*.

<sup>3</sup> StatsSA. (2020). *Mid-year Population Estimates, 2020 with DSD PPU adjusted to MYPE2020 Province*.

<sup>4</sup> StatsSA. (2020). *Quarterly Labour Force Survey QLFS Q4:2020. QLFS Trends 2008-2020Q4.xls*.

Data wat afgelei is uit 'n nasionale opname getitel "The National Income Dynamic Study (NIDS) – Coronavirus Rapid Mobile Survey (CRAM) Wave 3<sup>5</sup>" toon dat daar nasionaal 'n merkbare toename was in die aantal huishoudings wat honger gely het in die laaste drie maande van 2020. Navorsing wat onlangs deur die departement onderneem is, het getoon dat die inperking die risiko van voedselonsekerheid en honger in beide die provinsie se metro's en die gebiede buite metro's verhoog het, veral weens die verlies aan werk en toenemende werkloosheid. As gevolg hiervan kon baie lede van huishoudings nie vir hulself of hul gesinne sorg nie. Hierdie gebrek aan hulpbronne het 'n geweldige las op huishoudings geplaas. Die pogings van nieregeringsorganisasies en gemeenskapsgebaseerde voedingsinisiatiewe om voedingshulp te verleen, was nie volhoubaar nie weens kommer oor verlaagde donateurbefondsing. Dit, tesame met die langtermyn- ekonomiese impak van die inperking, sal in alle waarskynlikheid afhanklikheid van staatsvoedingsprogramme verhoog. Die departement sal steeds maaltye aan geteikende begunstigdes verskaf by sy voedingsterreine en GVOS'e. In die jaar wat voorlê, sal dit – tesame met die ondersteuning van gemeenskapskombuise – vernamemaatreëls wees om die impak van voedselonsekerheid te versag.<sup>6</sup>

Die impak wat COVID-19 en die inperkingsmaatreëls op kinders het, wek kommer. Na raming woon 2 012 781 kinders<sup>7</sup> tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap<sup>8</sup>, wat neerkom op omtrent 'n derde van die populasie. In die ouderdomsgroep nul tot vier jaar, is daar ongeveer 564 067 kinders in die provinsie. Kinders in die provinsie se kwesbaarste en mees gemarginaliseerde gebiede is uiters blootgestel aan mishandeling en geweld, soos blyk uit tendense rakende kindermoord en die seksuele viktimisering van kinders. Versorging- en beskermingsdienste vir kinders bly steeds die hoofokus van die departement se werk. Die departement sal steeds sy statutêre mandaat ten opsigte van kindersorg en -beskerming uitvoer en sy invloed ten opsigte van die koördinerende van voorkomende en vroeë-intervensiedienste (soos instapsentrums, naskoolse sorgsentrums en die Isibindi-program) verbeter. Die voorkomende en vroeë-intervensiedienste gaan fokus op die ontwikkeling van bewysgebaseerde gesinsintervensies om die kwesbaarheid van ouers, versorgers en gesinne in gevaar te verlaag.

Uit 'n interne ontleding van data rakende kindermoord<sup>9</sup> in die provinsie vir die tydperk 2013-2018 blyk dit dat daar 'n opwaartse tendens van die 2013/14-boekjaar was toe 178 gevalle van kindermoord in die provinsie aangemeld is vergeleke met die 237 gevalle wat in die 2017/18-boekjaar aangemeld is. Alhoewel die impak wat die inperking op kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming nie uitdruklik bepaal kan word nie, wek die verhoogde druk op huishoudings kommer dat verdere ontberings vir kinders hierdeur veroorsaak kan word. Om 'n voorbeeld te noem: Die toenemende gebrek aan voedselsekureit in areas in die provinsie wat vóór COVID-19 hoë vlakke van belemmerde groei en wanvoeding by kinders gerapporteer het, sal 'n negatiewe impak hê op kwesbare kinders se ontwikkelingsuitkomstes oor die lang termyn<sup>10</sup>. Die kwessie rondom kinders se kwesbaarheid plaas opnuut klem op die behoefte om werk te maak van verbandhoudende faktore in gemeenskappe wat hiermee verband hou. Gevolglik sal die departement daarop fokus om veerkragtige gesinne te ontwikkel deur dienste te verskaf wat op die behoud en versterking van gesinsbande afgestem is. Die versterking van gesinsbande is 'n belangrike konsep vir die departement aangesien dit 'n beskermingslaag vir kinders bied aangesien gesinne hierdeur versterk en ondersteun word. Deurdagte ouerskap en veerkragtige gesinne werk 'n verbeterde selfbeeld in die hand, sowel as verbeterde uitkomstes ten opsigte van gedrag, voeding en onderwys. Dit raak al hoe belangriker gegewe die impak wat COVID-19 op die kwesbaarste huishoudings het, soos blyk uit die merkbare toename in die vraag na psigososiale ondersteuningsdienste vir gesinne wat in die eerste sewe maande van die 2020/21-boekjaar waargeneem is.

Die implementering van die pleegsorgbestuursplan en verbetering van die 24-uur-kinderbesmerkingdienste met 'n spesifieke fokus op areas waar daar 'n verhoogde vraag na dienste

<sup>5</sup> National Income Dynamic Study. (2021). *Synthesis Report. NIDS-CRAM Wave 3*.

<sup>6</sup> Directorate Research, Population and Knowledge Management. (2020). *Is hunger growing because of COVID-19? – The DSD experience*. [Ongepubliseerde verslag]

<sup>7</sup> StatsSA. (2020). *Mid-Year Population Estimates. Single ages by Province 2002-2020*.

<sup>8</sup> StatsSA. (2020). *Mid-Year Population Estimates, 2020 with DSD PPU own calculations and forecasts to 2030*.

<sup>9</sup> Department of Social Development. (2019). *Internal Analysis of SAPS Child Murder Data in the Western Cape 2013-2018*.

<sup>10</sup> Directorate Research, Population and Knowledge Management. (2020). *Is hunger growing because of COVID-19? – The DSD experience*. [Ongepubliseerde verslag]

is en waar gapings in dienslewering ontstaan het, is noodsaaklike intervensies wat geïnternaliseer sal word. Dit sal onderskraag word deur gemeenskapsgebaseerde dienste soos die ontplooiing van die geïntegreerde Isibindi-program wat tegelyk die instapsentrums, verwysings na proef- en afwentelingsdienste sowel as die Oog-op-die-Kind-intervensie program omvat. Die integrasie van hierdie dienste is daarop afgestem om aan gemeenskappe groter toeganklikheid tot kinderbeskermingsdienste te verleen. Hoërisikogebiede sal vir die ontplooiing van die projek geïdentifiseer word. Gemeenskapswerkers sal gewerf en opgelei word om kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming te identifiseer en sulke gevalle aan die departement te rapporteer vir statutêre intervensie. Die sluiting van die VKO-programme gedurende die inperking het die kwesbaarheid van kinders vererger sowel as hierdie kritieke diensleweringsektor verswak. Derhalwe sal kwessies rondom veiligheid, kognitiewe ontwikkeling en voeding die hoofokus van VKO-intervensies bly. Dit sal steeds ondersteun word deur die institutionalisering van die sentralisering van VKO-registrasies en -herregistrasies ten einde die gehalte van fasiliteite en programme te standaardiseer sowel as die uitbreiding van VKO-dienste deur middel van die voorwaardelike toekenning vir VKO en die uitbreiding van die aantal VKO's wat aan die gespesialiseerde leerderondersteuningsprogram gaan deelneem.

Wat die jeug betref, is die Wes-Kaap die tuiste van 2,4 miljoen jeugdige tussen die ouderdom 15 en 34 jaar<sup>11</sup>. In 2018, was 188 195 jeugdige nie werksaam nie en was ook nie besig om onderdig of opleiding te ondergaan nie<sup>12</sup>. Maatskaplike patologieë soos middelmisbruik en betrokkenheid by bendes het steeds 'n negatiewe impak op die sosialisering van jongmense. Dit tesame met die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werksgeleenthede het aanleiding gegee tot 'n hoë vraag na dienste vir die jeug. COVID-19 en inperkingsmaatreëls wat die sluiting van skole ingesluit het, het skoolonderdig in die provinsie ontwig en gaan 'n langtermyn-impak op die jeug se onderwysstatus sowel as hul werksgeleenthede hê. Die departement sal steeds op jeugontwikkeling fokus deur die lewering van vaardigheid-, opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede wat hul indiensneembaarheid sal verbeter sowel as die aankweek van 'n positiewe lewensstyl en verantwoordelike burgerskap deur middel van verskeie platforms, insluitende Jeugkafes. Hierby ingesluit is aanlyn opleiding in digitale vaardighede via die "I-CAN-LEARN"-inisiatief in vennootskap met Google en IBM sowel as werksprofielering van jeugdige wat Jeugkafes bywoon. Die Jeugkafeprogram sal geëvalueer word en strategieë sal ontwikkel word om toegang te verhoog in areas wat onderbedien word.

Ten opsigte van ouer persone, maak 494 469 persone van 65 jaar en ouer deel uit van die Wes-Kaapse bevolking<sup>13</sup>. Bevolkingsprojeksies dui daarop dat die populasie van mense ouer as 65 jaar teen 2030 tot 694 225 sal aangroei. Die veroudering van die Wes-Kaapse populasie word weerspieël in die beraamde 40 persent-toename in die getal persone in die kategorie 65 jaar en ouer wat volgens projeksies oor die volgende tien jaar gaan plaasvind. Die departement sal steeds toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van gehalte vir ouer persone verseker deur die voorsiening van selfsorg-, hulpleef- en verswaktesorgeenhede sowel as gepaste gemeenskapsgebaseerde intervensies. Ten opsigte van COVID-19, is ouer persone veral vatbaar vir infeksie. Alhoewel inperkingsmaatreëls soos om besoekers en familieledes se toegang tot residensiële fasiliteite te beperk die risiko verlaag het, het dit weens die uitgerekte tydperke van isolasie en gebrek aan kontak met hul families bykomende probleme rondom geestesgesondheid geskep. Die departement sal steeds die infeksiekoers monitor en gesondheid- en veiligheidsprotokolle by residensiële fasiliteite oral in die provinsie ondersteun, onderwyl dit ook sal poog om te verseker dat ouer mense se waardigheid en regte gestand gedoen word.

Die departement sal sy herstelintervensies ten opsigte van persone met gestremdhede voortsit sowel as die verskaffing van residensiële en dagsorgdienste. Hierby ingesluit is die ondersteuning van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers sowel as om die voorgaande deel van die hoofstroom te maak en te ondersteun. Aanvullend tot hierdie intervensies is bewusmaking rondom die uitdagings waarmee persone met

<sup>11</sup> StatsSA. (2020). *Mid-year Population Estimates, 2020*.

<sup>12</sup> StatsSA. (2018). *General Household Survey, 2018*.

<sup>13</sup> StatsSA. (2020). *Mid-year Population Estimates, 2020: Province projections by sex and age (2021-2025)*.

gestremdhede gekonfronteer word en om die nodige ondersteuning aan hierdie individue te bied sodat hulle bemagtig word en gelyke geleenthede het om aan alle sferes van die lewe deel te neem.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds 'n bron tot kommer weens die skadelike effek wat dit op die provinsie se maatskaplike en ekonomiese welstand het. Ooreenkomstig die statistiek oor sleutelaanwysers van misdaad wat deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens in sy 2019/20-verslag vrygestel is, is daar rede tot kommer oor die ingewortelde en toenemende aard van geweldsmisdade in die provinsie. Gedurende hierdie tydperk het die meeste misdaad wat in die Wes-Kaap gerapporteer is, verband gehou met kontakmisdade of misdaad teen die persoon. In 2019/20 is daar in totaal 113 508 insidente aangemeld. Meer as 'n derde (38 992) van hierdie misdade was gewone aanrandings en meer as veertig persent het betrekking gehad op aanrandings met die doel om ernstige liggaamlike leed te veroorsaak en op diefstal met verswarende omstandighede.

Alhoewel geweldsmisdade in die provinsie ten tyde van die inperkings tydperk aansienlik afgeneem het, het hierdie tendens nie voortgeduur nadat inperkings opgehef is nie. Aangesien die verswakende sosio-ekonomiese status in baie areas die risiko van misdaad verhoog, sal daar steeds gefokus word op die versterking van voorkomende en herintegrasie-/nasorgprogramme aan die hand van bewysgebaseerde intervensies wat kennis verbreed, vaardighede ontwikkel en aanvaarbare waardes bevorder sodat die siklus van misdaad en geweld verbreek kan word en maatskaplike stabiliteit in hoërisiko-gemeenskappe geskep kan word.

Met betrekking tot oortredings wat met geslagsgeweld verband hou, is 6,4 persent (7 303) van hierdie kontakmisdade in 2019/2020 as seksuele oortredings geklassifiseer. Evalueerende navorsing wat deur die Thuthuzela-sorgsentrums in die provinsie onderneem is, beklemtoon weer eens hoe belangrik dit is om werk te maak van die psigososiale impak wat seksuele viktimisering op beide volwassenes en kinders het<sup>14</sup>. Aan die hand van 'n voorgestelde diensleweringverbeteringsplan sal die DMO deur middel van nuutaangestelde GGG-maatskaplikewerkers hulp verleen met die verlening van terapeutiese ondersteuning aan slagoffers van seksuele misdaad. Die departement sal verseker dat sy statutêre proef- en afwentelingsdienste verder verbeter word deur die versterking van bestaande strukture en programme deur middel van opleiding en kapasiteitsbou ten einde die herintegrasie van kinders, jeugdige, volwassenes en misdaadslagoffers terug in veilige en ondersteunende omgewings te verseker. Voorts sal dit steeds herintegrasie- en nasorgdienste versterk deur die verskaffing van vaardigheidsontwikkeling, psigososiale berading, groepsterapie en gesinsuitreikprogramme en -dienste ooreenkomstig die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) se herintegrasie- en nasorgstrategie en sy samewerking met die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) voortsit deur die maandelikse hersiening van kinders in langtermyn-aanhouding in KJSS'e om die beweging van kinders deur die strafregstelsel te bespoedig.

Vergeleke met die vorige boekjaar is 'n aansienlike toename in slagoffers van GGG wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry het gedurende die COVID-19-inperking bemerk. Verslae oor verhoogde geslagsgebaseerde geweld, spesifiek huishoudelike geweld gedurende die inperkings tydperk, beklemtoon die kwesbaarheid van vroue in huishoudings wat onder verhoogde sosio-ekonomiese druk gebuk gaan. 'n Verdere bron van kommer is die uitdagings wat deur vroue ervaar word met betrekking tot die rapportering van oortredings of die verkryging van maatskaplike hulp weens beweging- en verwante inperkings. In reaksie op hierdie nadelige omstandighede bedryf die Nasionale GGG-beheersentrum 'n inbelsentrum wat 24 uur/sewe dae per week psigososiale ondersteuningsdienste aan slagoffers van geweld bied. Voorts het die departement die ontplooiing van OSW- maatskaplike werkers by polisiestasies in die provinsie wat deur die SAPD as brandpunte geïdentifiseer is in reaksie op verslae oor en gevalle van GGG gefasiliteer.

Die departement sal sy befondsing van skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders, slagoffers van mensehandel en slagoffers van seksuele geweld voortsit met 'n verhoogde fokus op GGG. Die aanstelling van 30 GGG- maatskaplike werkers sal streke se respons op GGG versterk. Die nasionale departement van vervoer en openbare werke tesame met sy provinsiale eweknie en die departement het die toevoeging van ses GGG-skuilings in die Wes-Kaapse Bergrivier-, Swartland-, Hessequa- en Sentrale Karoo-gebied verseker. Hierdie skuilings sal slagofferbemagtigingsprogramme in die provinsie se landelike gebiede verder ondersteun en versterk.


<sup>14</sup> Western Cape Department of Social Development. (2018). *An evaluation of psycho-social support services, funded by the Department of Social Development, for victims of sexual offences at selected Thuthuzela Care Centres in the Western Cape.* [Interne verslag opgestel deur Petro Brink en Faheemah Esau]

GGG-voorkomingsopleiding is geïntegreer by oueronderrig- en opleidingsprogramme en die programme vir middelmisbruikvoorkoming, -behandeling en -rehabilitasie wat by alle DMO-KJSS'e aangebied word sowel as by virtuele opleidingsessies wat met sleuteldiensleweransiers en belanghebbers gehou is. Die aanlyn opleidingsintervensies omvat verhoging van kennis oor en versterking van dienslewering aan slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, met inbegrip van LGBTQIAP<sup>15</sup>-mense, en verbetering van die doeltreffendheid van dienste wat aan slagoffers van misdad en geweld gelewer word. Voorts sal die departement voortgaan met die ontwikkeling van 'n verwysingspad om te verseker dat slagoffers van GGG by skuilings in staat is om toegang tot die middelmisbruikprogram by die Kensington-dwelmbehandelingsentrum vir vroue te verkry.


---

<sup>15</sup> Lesbiër; Gay; Biseksueel; Transgender; Queer; Interseks; Aseksueel; Panseksueel; + (betekende "nie beperk nie tot")

Figuur 2: DMO-diensleweringgebiede en GGG-diensorganisasies in die Wes-Kaap



Figuur 3: DMO-dienslewingsgebiede en GGG-diensorganisasies in die Kaapse Metropol



## 4.2 Ontleding van die interne omgewing

Die DMO het die behoefte aan 'n doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgerigte staatsdiens geïdentifiseer. Sleutelemente vir die verwesenliking van hierdie ideaal is kostedoeltreffende verbeterings aan die organisasiestruktuur, streng kostebekampingsmaatreëls en doeltreffende bestuurstelsels, sakeprosesse en strategieë ter verbetering van dienslewering.

Die departement het verskeie organisasie-ontwikkelingsprosesse geïnisieer om die doelmatigheid van die organisasiestruktuur te verbeter, insluitend:

- Die ontbondeling van die hoofdirekoraat: maatskaplike welsyn ter verbetering van dienslewering aan en spesialisering in areas waaraan die departement 'n hoë prioriteit verleen, naamlik kinders en GGG, deur die hoofdirekoraat: maatskaplike welsyn en herstellende dienste en die hoofdirekoraat: kinders, gesinne en VKO te skep. Die hoofdirekteur: maatskaplike welsyn en herstellende dienste is aangestel en beide hoofdirekorate is operasioneel.
- Die sentralisering van die verkrygingsfunksie verwant aan verkrygingskanaalbestuur (VKB) by hoofkantoor, met spesifieke verwysing na menslikehulpbronbehoefte sodat hierdie funksie gesentraliseer kan word.
- Die herskikking van streekstrukture ooreenkomstig die norme en standaard vir maatskaplike werkers sowel as die administratiewe ondersteuningspersoneel wat nodig is om aan hierdie norme en standaard te voldoen.
- Aanvoring van 'n evaluasie van die direkoraat: VKO en gedeeltelike sorg se organisatoriese ontwikkeling ter ondersteuning van die migrasie van VKO na WKOD.

Voorts sal die pos hoofdirekteur: diensleweringbestuur en -koördinerer na verwagting in die 2021/22-boekjaar gevul word. Met die oog op 'n gladde oorskuiwing met minimale ontwrigting van die sektor en leuuitkomst, beheer 'n VKO-projekbestuurtaakspan bestaande uit verteenwoordigers van verskeie komponente van die DvdP, DMO en WKOD hierbenewens die migrasie van VKO in die provinsie.

In die komende jaar sal die departement verwysingspaaie ontwikkel vir slagoffers van GGG wat in sy befondsde OSW-slagofferbemaagtigingsentrums (skuilings) gehuisves word sodat hulle moeiteloos toegang kan verkry tot middelmisbruikbehandeling- en -rehabilitasiedienste. Dit sal ook opleiding in die voorkoming van GGG by al sy KJSS'e deel van die hoofstroom maak en sodoende die gespesialiseerde en veeldoelige programme wat reeds in plek is, uitbrei.

Die doeltreffendheid van die departement se dienslewering- en bestuursproses blyk uit die feit dat dit vir agt opeenvolgende jare, waarvan die laaste 2019/20 was, skoon oudits ontvang het. Voorts is sy vakaturekoers (gegrond op befondsde, gevulde poste maar met die uitsluiting van interns) teen einde-Maart 2020 met drie persent verlaag. Ondanks die inkontraktering van twee beveiligdesorgfasiliteite, is die vakaturekoers steeds laer as die departement van staatsdiens en administrasie se 10 persent- en die Forum van Suid-Afrikaanse Direkteurs-Generaal se vyf persent-norm.

Die begrotingsverlagings wat dwarsdeur die regering geïmplementeer word, sal in die toekoms 'n beduidende impak op die vul van poste hê, wat eweneens 'n impak sal hê op die departement se vermoë om dienste te lewer. Om die impak op dienslewering te versag, het die departement prioriteitsposte geïdentifiseer en gesorg dat die begroting voldoende voorsiening hiervoor maak.

Tegnologie vervul toenemend 'n rol in die doeltreffende funksionering van organisasies. Die departement het gepoog om tred te hou met tegnologiese ontwikkelings en implementeer stelsels om die beskikbaarheid van bestuursinligting te verbeter namate sy begroting dit toelaat. Alhoewel die ontwikkeling van die DMO se bestuurstelsel afgehandel is, is dit nie ten volle geïmplementeer nie aangesien toetsing probleme met sakeprosesse onthul het waarvan werkmaak moes word. In die komende tydperk sal die departement voortgaan om die opleiding- en implementeringsplan vir sy bestuurstelsel uit te rol en, binne begrotingsbeperkings, verbeterings inisieer om doeltreffendheid te verbeter. Die departementele 2020/21-befondsingsuitnodiging aan OSW's het papierloos geskied danksy die insluiting van 'n aanlynaansoekmodule wat OSW's in staat gestel het om aansoeke op 'n meer doeltreffende manier aanlyn in te dien.

Die departement bevorder steeds die gebruik van die elektroniese inhoudbestuur- (EIB-) stelsel om te verseker dat personeel moeiteloos toegang tot sy rekords kan verkry. Ondanks die aanvang van COVID-19 sal die departement steeds sy strengheidsmaatreëls in die tegnologiese omgewing evalueer, veral die tydperk waarbinne rekenaartoerusting ooreenkomstig sy beleid oor inligting en tegnologie (IT) vernuwe moet word. Tans word die geroetineerde vervanging van toerusting soos tafel- en skootrekenaars van drie tot ses jaar beperk. Die departement het e-Mobiliteit suksesvol ingespan as 'n middel om aan maatskaplike werkers en ander sleutel- departementele personeel data en konektiwiteit te bied sodat hulle hul funksies tydens die onderskeie stadia van COVID-19-inperkings kon uitvoer. Die huidige Vodacom-kontrak is hernieu ooreenkomstig Nasionale Tesourie se dwarsliggende kontrak RT15. Die NDMO ontplooi tans stelsels soos die proefgevalbestuurstelsel met 'n eiendpunt-kennisgewingsfunksie waarvoor konektiwiteit en data benodig word, en die departement se e-Mobiliteit sal ook vir hierdie stelsel gebruik word, veral wanneer na-uurse diens verrig word. Om departementele data te beveilig, sal Bitlocker-enkodering op alle persoonlike rekenaars (PR'e), veral skootrekenaars, geïnstalleer word. Dit sal ook hierdie toestelle minder aantreklik vir diefstal maak. Die Bitlocker-projek sal laat in 2020/21 ontplooi en in die loop van die 2021/22-boekjaar gefinaliseer word. Ten einde die sukses van hierdie projek te verseker, het die departement ook 'n proses van stapel gestuur om te verseker dat alle PR'e opgegradeer word na Windows 10 met Office 365 – 'n voorvereiste vir die Bitlocker-installasie. Waar PR'e nie met Windows 10 versoenbaar is nie, sal hulle met die verlangde modelle vervang word. Ten laaste sal die departement steeds toegang tot opleiding en kapasiteitsbou in inligtingkommunikasietegnologie (IKT) aan personeel bied, met insluiting van aanlyn opleiding in eindgebruikersagteware.

#### 4.3 Evalueerende navorsing deur die departement onderneem

Die departement erken dat dit belangrik is om evalueerende navorsing te onderneem ten einde dienslewering te versterk en te verbeter. 'n Navorsing- en evalueringsplan word op 'n jaarlikse basis saamgestel wat die omvang en oogmerke identifiseer en omskryf van die evalueerende navorsing wat in 'n spesifieke jaar onderneem gaan word. Hierdie evaluasies word onderneem ooreenkomstig die riglyne wat deur die departement van beplanning, monitering en evaluering (DPME) sowel as die departementele SBP vir evalueerende navorsing neergelê is.

Beperkte hulpbronne is beskikbaar vir die onderneming van evalueerende navorsing in die departement en die werk word grotendeels intern deur die departement se navorsingseenheid onderneem. Die studie getitel **Implementation Evaluation of DSD funded Substance Abuse Community-based Treatment Programmes** het 'n geleentheid gebied om meer insig te verkry in hoe die DMO se model vir gemeenskapsgebaseerde behandeling deur sy 12 befondsde OSW's oor die afgelope drie boekjare geïmplementeer is en om hierdie programme in oënskou te neem. Hierby ingesluit is die mate van ooreenstemming van hierdie programme met die voorgenome oorhoofse ontwerp, hul voldoening aan minimum norme en standaarde, die mate waartoe uitsette bereik is, die vernaamste uitdagings wat oor die algemeen oorbrug moes word en watter goeie/beste praktyke gevolg kan word om hierdie uitdagings die hoof te bied. Hierdie evaluasie is onder moeilike omstandighede gedurende die inperkings tydperk afgehandel, met die gevolg dat daar na aanlyn metodes oorgeskakel moes word om voldoende data vir die afhandeling van die evaluasie in te samel. Die haalbaarheid van metodes om data aanlyn in te samel, sal in toekomstige evalueerende navorsingsprojekte oorweeg moet word gegewe die voortslepende impak van COVID-19. Die program: middelmisbruik bestudeer tans die bevindinge en sal in die komende jaar 'n plan ter verbetering van gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste ontwikkel.

Die studie getitel **Evaluation of the After-hour Child Protection Service in the Western Cape** het ten doel gehad om te evalueer hoe hierdie diens in die praktyk geïmplementeer is en hoe dit verbeter kan word. Data-insameling vir dié projek is in 2019/20 afgehandel. 'n Evaluasieverlag is in 2020/21 gefinaliseer. 'n Respons van die bestuur van die betrokke program rakende die aanbevelings voortspruitend uit die studie word tans afgewag en sal gebruik word om dienslewering op hierdie terrein te verbeter.

Die bestuursrespons en implementeringsplan ten opsigte van die studie getitel **Evaluation of Psychosocial Services Funded by the Department of Social Development for Victims of Sexual Offences at Selected Thuthuzela Care Centres (TCCs) in the Western Cape** is gefinaliseer. Die verslag is sedertdien versprei onder belanghebbers wat 'n vername bydrae tot die Thuthuzela-

sorgsentrummodel lewer sowel as aan die Slagofferbemaatrigingsforum. Soos uit die implementeringsplan blyk, sal sleutelaanbevelings van die evaluasie progressief geïmplementeer word. Dit sal dit moontlik maak om die dienste wat aan beide kinder- en volwasse slagoffers van seksuele oortredings gelewer word, te versterk en te verbeter.

Die studie getitel **Evaluation of Shelters for Homeless Adults** het ten doel gehad om die herintegrasie- en herenigingsdienste wat aan hawelose volwassenes by skuilings in die Wes-Kaap gelewer word, te evalueer. Die finale verslag is in 2019/20 goedgekeur, waarna 'n bestuursresponso versoek is.

Die DMO se maatskaplikedienswerksmag (veral maatskaplike werkers en proefbeamptes) in die Wes-Kaap het gedurende die COVID-19-pandemie hul professionele rolle as personeel op die frontlinie vervul. 'n Studie getitel **Evaluation of how DSD Service Professionals coped during the COVID-19 Pandemic** word tans onderneem en sal na verwagting in Maart 2021 voltooi word. Hierdie navorsing het ten doel om te kyk na die aanpassings en veranderings wat in 'n Wes-Kaapse konteks ten tyde van die COVID-19-pandemie van die DMO se maatskaplike werkers en proefbeamptes geverg is. Dié studie het, onder andere, ten doel om te kyk na en te verstaan hoe hierdie praktykaanpassings die departement kan help om geskikte riglyne te formuleer; sy reaksie op die impak wat COVID-19 op sy dienste het, te verbeter; en hoe beplanning vir dienslewering binne die konteks van 'n pandemie verbeter kan word.

Ten laaste word 'n studie getitel **Evaluation of Parenting Programmes** tans beplan. Hierdie studie sal die DMO se ouerskap-, gesinsbehoud- en herenigingsintervensies omvat. Hierdie evaluasie se breë trekke moet nog gefinaliseer word, en die navorsing sal in die laaste kwartaal van die 2020/21- en die eerste ses maande van die 2021/22-boekjaar ingefaseer word.

## Deel C: Meet van Ons Prestasie

### 5. Institusionele programprestasie-inligting

#### 5.1 Program 1: Administrasie

##### Doel van die program

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die departement, d.w.s. provinsiale, streek-, distrik- en fasiliteit-/institusionele vlak.

Let wel: Die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) wat in die departement van die premier gesetel is, verskaf ondersteuningsdienste ten opsigte van menslikehulpbronbestuur aan hierdie departement.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

##### Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

##### Doel van subprogram

Verskaf 'n politieke en wetgewende koppelvlak tussen die regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

##### Subprogram 1.2: Korporatiewe bestuursdienste

##### Doel van subprogram

Lê bepalinge neer vir die strategiese begeleiding en die oorhoofse bestuur en administrasie van die departement.

##### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.	Bou kapasiteit van maatskaplikewerk - en verwante beroepe.	1.2.1.1 Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk - en maatskaplikewerk verwante beroepe.	25	25	29	29	29	29	29
		1.2.1.2 Getal beurse toegeken.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	109	109	109	109
	Maatskaplike werkers word deur DMO in diens geneem.	1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar. <sup>16</sup>	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	834	876	916	920
	Doeltreffende en doelmatige lewering van maatskaplike-ontwikkelingsdienste.	1.2.1.4 Persentasie besteding in verhouding tot DMO se toegewese begroting.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	2% afwyking	2% afwyking	2% afwyking	2% afwyking
	Bevorder KMMO's se deelname aan staatsverkryging en laat dit aangroei.	1.2.1.5 Persentasie fakture van diensverskaffers wat binne 30 dae deur DMO vereffen is.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	100%	100%	100%	100%

<sup>16</sup> Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Getal maatskaplikediensberoepslui in die staatsdiens".

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
<b>Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.</b>	Voorsien strategiese ondersteuningsdienste ten einde goeie bestuursbeheer en dienslewering van gehalte te bevorder.	<b>1.2.1.6</b> Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	n.v.t.	n.v.t.	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit	Skoon audit

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>1.2.1.1</b> Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplikewerkverwante beroepe.	29	-	-	-	29
<b>1.2.1.2</b> Getal beurse toegeken.	109	-	-	-	109
<b>1.2.1.3</b> Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar.	876	-	-	-	876
<b>1.2.1.4</b> Persentasie besteding in verhouding tot DMO se toegewese begroting.	2% afwyking	-	-	-	2% afwyking
<b>1.2.1.5</b> Persentasie fakture van diensverskaffers wat binne 30 dae deur DMO vereffen is.	100%	-	-	-	100%
<b>1.2.1.6</b> Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die geouditeerde finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting.	Skoon audit	-	-	-	Skoon audit

### Subprogram 1.3: Distriksbestuur<sup>17</sup>

#### Doel van subprogram

Lê bepaling neer vir die desentralisering, bestuur en administrasie van dienste op distriksvlak binne die departement.

#### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Prioriteit 1 van die 2019-2024 MTUR spreek die behoefte aan om verantwoordelikhede toe te wys en aanspreeklikheid vir prestasie te verseker sowel as die behoefte om gevolge te bestuur. Dit vind weerklank in die WKR se VIP 5: "Innovasie en kultuur" en wel by wyse van 'n kernintervensie naamlik "om die doeltreffendheid en doelmatigheid van organisatoriese werksverrigting te verbeter". Om te verseker dat korporatiewe bestuur en dienslewering verbeter word, sal die personeel op vol sterkte en bevoeg moet wees en sal organisatoriese prosesse gereeld hersien moet word sodat daardie personeel doeltreffend en doelmatig aangewend kan word.

Die departement se planne en begrotings sal voortgaan om herlei te word na die behoeftes van die gemeenskappe wat dit dien, sowel as provinsiale en nasionale prioriteite.. Vir die duur van hierdie mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) sal die strategiese besluite op die volgende beginsels gegrond word:

- Om beleidsbeginsels in ooreenstemming te bring met die WK-herstelplan gegrond op die PSP en die DMO se strategiese plan;
- Om die lewering van statutêre dienste ingevolge die departement se primêre wetgewende mandate en verpligte funksies, soos die uitvoering van intervensies wat deur die hof gelas is, te handhaaf;
- Om alle terreine van dienslewering en sferes van die regering saam te snoer en te koördineer sodat impak en doeltreffendheid verhoog kan word; en

<sup>17</sup>Die opskrif "Distriksbestuur" word ooreenkomstig die nasionale begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO word egter op 'n streekkantoorbasis bedryf.

- Om geprioritiseerde diensleweringposte te vul.

Strategies gaan die departement dus daarop fokus om te verseker dat:

- Die organisatoriese struktuur herontwerp word met die oog op verbeterde doelmatigheid en die doeltreffendheid van menslike hulpbronne;
- Die verhouding van maatskaplike werker tot populasie van 1: 4 500 (nasionale norm 1: 5 000 vir stedelike en 1: 2 500 vir landelike gebiede) progressief verbeter word;
- Die verhouding van kinder- en jeugsorgwerkers in beveiligde KJSS'e wat weens die inkontraktering van hierdie funksie verlang word, progressief verbeter word;
- Ten opsigte van infrastruktuur, plaaslike kantore uitgebrei en in stand gehou word, onderworpe aan die beskikbaarheid van geskikte persele en befondsing daarvoor;
- Ten opsigte van IKT-hernuwing, die hernuwing van hardeware verleng word tot ses jaar tensy die toerusting onherstelbaar beskadig is;
- Die opleiding van personeel in die gebruik en implementering van die OSW-bestuurstelsel gefinaliseer word ten einde doeltreffendheid te verhoog en sodat bestuursinligting rakende OSW's tydig gelewer kan word; en
- Die oordrag van die VKO-funksie na die WKOD op 'n gefaseerde wyse geïmplementeer word.

### 5.1.1 Program se hulpbronoorwegings

Die styging van R978 000 vanaf die hersiene raming van R234.361 miljoen in 2020/21 na R235.339 miljoen in 2021/22 is gegrond op die aanname dat bedrywighede dieselfde sal bly vir die eerste ses maande van die boekjaar weens die impak van COVID-19. Die begrotingstoewysing styg daarna tot R236.427 miljoen in 2022/23 en R242.187 miljoen in 2023/24.

#### Opsomming van betalings en ramings – Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoofbegroting 2020/21	Aan- gesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
1.1 Kantoor van die LUR	6 868	7 564	6 148	8 976	7 498	7 498	8 265	8 474	8 621	10.23
1.2 Korporatiewe bestuursdienste	127 165	142 943	145 440	166 786	149 018	149 018	145 318	143 972	147 447	(2.48)
1.3 Distriksbestuur	65 752	73 189	80 424	83 738	77 845	77 845	81 756	83 981	86 119	5.02
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>199 785</b>	<b>223 696</b>	<b>232 012</b>	<b>259 500</b>	<b>234 361</b>	<b>234 361</b>	<b>235 339</b>	<b>236 427</b>	<b>242 187</b>	<b>0.42</b>

#### Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoof- begroting 2020/21	Aangesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
<b>Lopende betalings</b>	<b>186 298</b>	<b>209 572</b>	<b>212 487</b>	<b>239 630</b>	<b>215 215</b>	<b>215 215</b>	<b>217 536</b>	<b>223 120</b>	<b>228 389</b>	<b>1.08</b>
Vergoeding van werknemers	154 285	172 097	173 315	197 865	177 003	177 003	178 889	182 087	185 377	1.07
Goedere en dienste	32 013	37 475	39 172	41 765	38 212	38 212	38 647	41 033	43 012	1.14
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>416</b>	<b>3 212</b>	<b>3 202</b>	<b>2 670</b>	<b>5 988</b>	<b>5 988</b>	<b>5 067</b>	<b>5 191</b>	<b>5 321</b>	<b>(15.38)</b>
Departementele agentskappe en rekeninge	12	2 323	2 549	2 670	2 824	2 824	2 800	2 924	3 054	(0.85)
Instansies sonder winsbejag	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Huishoudings	404	889	653	-	3 164	3 164	2 267	2 267	2 267	(28.35)

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoof-begroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2020/21	2020/21	2020/21	
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	11 971	10 303	15 817	17 200	12 758	12 758	12 736	8 116	8 477	(0.17)
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	11 956	10 303	15 817	17 180	12 738	12 738	12 715	8 094	8 454	(0.18)
Sagteware en ander ontasbare bates	15	-	-	20	20	20	21	22	23	5.00
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>1 100</b>	<b>609</b>	<b>506</b>	<b>-</b>	<b>400</b>	<b>400</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>(100.00)</b>
<b>Totaal ekonomiese klassifikasie</b>	<b>199 785</b>	<b>223 696</b>	<b>232 012</b>	<b>259 500</b>	<b>234 361</b>	<b>234 361</b>	<b>235 339</b>	<b>236 427</b>	<b>242 187</b>	<b>0.42</b>

### 5.1.2 Sleutelrisiko's en versagting daarvan

Uitkomste	Risiko	Versagting van risiko
<b>Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering</b>	Nienakoming van statutêre vereistes gedurende die proses om befondsing aan OSW's toe te ken. Impak: Onakkurate rapportering in OSW-vorderingsverslae oor kwessies verwant aan finansiële status, inkomste, uitgawes en gebruik van fondse. OSW's kom nie die OBO na nie.	<ul style="list-style-type: none"> <li>■ Verbeterde omsigtigheidsondersoeke van OSW's vóór toekenning van befondsing (bekragtiging van ondersteunende dokumente).</li> <li>■ Deurlopende monitering van OSW's deur terreinbesoeke en lessenaarevaluerings uit te voer; hersiening van finansiële en vorderingsverslae vir afwykings, volledigheid en nakoming van projekdoelwitte; en deur periodiek te vra OSW's dokumente verskaf ter ondersteuning van uitgawes. Finansiële likiditeit word elke jaar uitgevoer.</li> </ul>
	Korrupsie – nepotisme/voortrekkery – onverklaarde belang verwant aan werwing en keuring en die manipulasie van hierdie proses ten gunste van 'n sekere kandidaat	<ul style="list-style-type: none"> <li>■ Nuusflitse oor die Gedragskode word onder werknemers gesirkuleer om te verseker dat personeel bewus is en hulle weerhou van korrupte aktiwiteite.</li> <li>■ VKB-beheermaatreëls in plek om te verseker dat VKB-amptenare aan etiese standaarde ooreenkomstig die Nasionale Tesourieregulasies voldoen. VKB-amptenare onderteken 'n Gedragskode in hierdie verband.</li> <li>■ 'n Departementeel goedgekeurde etiek- en integriteitbestuurstrategie en personeel se bywoning van opleiding om etiese gedrag ten opsigte van verkryging vas te lê.</li> <li>■ Periodieke hersiening van verkrygingsprosesse wat in toegekende kontrakte geïmplementeer is.</li> <li>■ Personeel voltooi finansiële openbaarmakings en verklaring van belange en dit word deur die departementele etiekbeampte hersien ten einde enige potensiële of waargenome konflik van belange te identifiseer ten einde regverdige en billike administratiewe optrede deur amptenare (spesifiek lede van die bodkomitees en VKB-personeel) te bevorder.</li> </ul>

## 5.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

### Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan arm en kwesbare mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

### Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning

#### Doel van subprogram

Lê bepalinge neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

### Subprogram 2.2: Dienste vir ouer persone

#### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, ondersteuning en beskerming van ouer persone.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Arm, kwesbare ouer persone lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.	Dienste / fasiliteite vir residensiële sorg is beskikbaar vir ouer persone.	<b>2.2.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in residensiële sorg-fasiliteite vir ouer persone.	8 946	8 783	8 819	5 050 <sup>18</sup>	5 000	5 200	5 200
	Gemeenskap-gebaseerde sorg- en ondersteuning-dienste is beskikbaar vir ouer persone.	<b>2.2.1.2</b> Getal subsidies oorgedra na gemeenskaps-gebaseerde sorg- en ondersteuning-dienste vir ouer persone.	16 494	17 030	16 221	17 000	16 400	17 000	17 000
	Hulpleef- en selfsorg-inwoning-fasiliteite is beskikbaar vir ouer persone.	<b>2.2.1.3</b> Getal gesubsidieerde beddens in hulpleef- en selfsorginwoning-fasiliteite vir ouer persone.	660	897	718	850	740	750	750

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaalike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>2.2.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in residensiële sorg-fasiliteite vir ouer persone.	5 000	5 000	5 000	5 000	5 000
<b>2.2.1.2</b> Getal subsidies oorgedra na gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuning-dienste vir ouer persone.	16 400	16 400	16 400	16 400	16 400
<b>2.2.1.3</b> Getal gesubsidieerde beddens in hulpleef- en selfsorginwoning-fasiliteite vir ouer persone.	740	740	740	740	740

<sup>18</sup> Berekeningsmetode is hersien.

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Bewerkstelling van ooreenstemming met die NOP van die uitkomst wat vervat is in die vyf-jaar-implementeringsplan wat 'n "hervormde maatskaplikewelsynsektor en -dienste" in die vooruitsig stel wat die regte van kwesbare groepe (waaronder ouer persone) gestand doen, bevorder en beskerm. Hierdie uitkomst verseker dat die departement sy statutêre verpligtinge implementeer deur te verseker dat die fasiliteite en programme wat tot ouer persone se beskikking is aan statute en tersaaklike norme en standaarde voldoen. Die departement gaan vennootskappe aan met die OSW-sektor, ander staatsdepartemente, tersiêre instellings en plaaslike owerhede om toegang tot dienste van gehalte aan kwesbare ouer persone te bied. Om die wetgewende raamwerk met betrekking tot maatskaplike beskerming te optimeer en om tot die tema "Welstand" soos vervat in die WK-herstelplan by te dra, het die departement SBP's ontwikkel vir die monitering van dienste aan ouer persone in residensiële fasiliteite en gemeenskapsgebaseerde sentrums.

Addisionele dienste sluit in die beskerming van ouer persone se reg om vry te wees van mishandeling en slaan ag op die onderskeie ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe impak het op die lewensgehalte en welstand van ouer persone. Die program sal gespesialiseerde dienste wat deur 'n verskeidenheid OSW-vennote gelewer word, in stand hou. Deur sy ontwikkelingsgerigte benadering tot veroudering wat daarna streef om ouer persone vir solank as moontlik deel van families en gemeenskappe te hou, is die hoofdoelmerk van die program om sorg, ondersteuning en beskerming aan arm, kwesbare ouer persone binne hul gemeenskappe te lewer.

Die volgende inisiatiewe sal dus vir die duur van die MTUR ontwikkel, geïmplementeer en/of voortgesit word:

- Die invoer van 'n model om leiding te gee aan residensiële fasiliteite wat nie onder toesig van 'n moederliggaam bedryf word nie, nie oor sterk bestuurskapasiteit beskik nie en finansiële in gevaar verkeer;
- Registrasie van residensiële sorgfasiliteite vir verswakte ouer persone;
- Registrasie van dienssentrums;
- Deurlopende ondersteuning vir alternatiewe sorg en ondersteuningsmodelle soos selfsorg en hulpleef vir ouer persone;
- Versterking van gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste deur 'n model vir gemeenskapsgebaseerde sorg te ontwikkel as deel van sy strategie om bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone in die provinsie in stand te hou en te ondersteun; en
- Verskaffing van addisionele ondersteuning aan residensiële fasiliteite vir ouer persone in die vorm van voorkoming- en bestuursprotokolle, verdere maatreëls om higiëne te verbeter en die verspreiding van COVID-19 te verlaag en deur residensiële fasiliteite te moniteer om te verseker dat daar aan streng norme en standaarde voldoen word.

## Subprogram 2.3: Dienste aan persone met gestremdhede

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en voorsien dienste wat die bevordering van die welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van gestremde persone fasiliteer.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
<b>Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</b>	Residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede is beskikbaar.	<b>2.3.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in OSW-befondsde residensiëleorg-fasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 694	1 801	1 761	1 674	1 674	1 674	1 674
		<b>2.3.1.2</b> Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasiliteite verkry.	82	84	110	110	110	110	110
	Dienste in befondsde beskermende werkwinkels is tot persone met gestremdhede se beskikking	<b>2.3.1.3</b> Getal subsidies oorgedra aan beskermende werkwinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf.	2 860	2 952	2 950	2 836	2 836	2 836	2 836
	Befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme is beskikbaar vir persone met gestremdhede.	<b>2.3.1.4</b> Getal subsidies oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgfasiliteite vir persone met gestremdhede.	841	958	971	1 005	1 005	1 005	1 005
	Befondsde gespesialiseerde OSW-ondersteuningsdienste is beskikbaar vir persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers.	<b>2.3.1.5</b> Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde gespesialiseerde OSW-ondersteuningsdienste.	88 089	94 087	85 519	91 000	91 000	91 000	91 000

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaalike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>2.3.1.1</b> Getal gesubsidieerde beddens in OSW-befondsde residensiëleorg-fasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 674	1 674	1 674	1 674	1 674
<b>2.3.1.2</b> Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasiliteite verkry.	110	110	110	110	110
<b>2.3.1.3</b> Getal subsidies oorgedra aan beskermende werkwinkels wat dienste aan persone met gestremdhede verskaf.	2 836	2 836	2 836	2 836	2 836
<b>2.3.1.4</b> Getal subsidies oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgfasiliteite vir persone met gestremdhede.	1 005	1 005	1 005	1 005	1 005

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.3.1.5 Getal persone wat toegang verkry tot DMO-befondsde gespesialiseerde OSW-ondersteuningsdienste.	91 000	27 000	25 000	19 000	20 000

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Ter nakoming van die departement se konstitusionele mandaat rakende die lewering van maatskaplike-ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede, is die verantwoordelikheid aan die departement opgedra om te verseker dat responsiewe gestremdhedspeisefieke maatskaplike-ontwikkelingsdienste gelewer word ooreenkomstig die tema "Welstand" soos vervat in die WK-herstelplan. Hierby ingesluit is residensiële sorg, beskermende werkswinkeldienste, dagsorgprogramme en verposingsorgdienste sowel as om die kapasiteit te bou van persone met gestremdhede, hul gesinne, versorgers en maatskaplikedienspraktisyne asook om hulle te bemagtig.

Aanvullend tot die verskaffing van gestremdhedspeisefieke dienste moet die departement aanhou om, as 'n norm, die konsep te vestig dat gestremdheid – ongeag die departementele program of diens – deel van die hoofstroom gemaak moet word. Sodoende sal 'n bydrae gelewer word tot die integrasie en vooropstelling van gestremdheid sowel as die bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne/versorgers en gemeenskappe.

Insgelyks dra die uitsette wat hierbo in oënskou geneem is nie net by tot die departement se mandaat nie maar ook die uitkomst wat hy rakende persone met gestremdhede gestel het. Daardie uitkomst stem ooreen met Prioriteit 4 van die 2019-2024 MTUR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer." Voorts het dit spesifiek betrekking op daardie intervensies wat verband hou met die voorsiening van 'n mandjie van maatskaplike dienste aan gesinne wat na kinders en volwassenes met gestremdhede omsien en toegang tot geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde persoonlike hulp aan alle persone met gestremdhede bied. Ten opsigte van die WKR se VIP 1 en 3, naamlik "Veilige en koherente gemeenskappe" en "Bemagtiging van mense", tel kinders, jeugdige en volwassenes met gestremdhede onder die kwesbaarste groepe binne gemeenskappe wie se regte beskerm moet word en vir wie omgewings geskep moet word wat hulle in staat stel om hul volle potensiaal te ontwikkel. Dit stem ook ooreen met die 2017 NDMO-beleid oor maatskaplike-ontwikkelingsdienste vir persone met gestremdhede wat verseker dat hul waardigheid en regte behoue bly deur sosio-ekonomiese programme en dienste te voorsien wat hul insluiting verseker sowel as die 2015 Wit Skrif oor die regte van persone met gestremdhede en die departement se 2015 strategie om gestremdheid deel van die hoofstroom te maak.

Die program het die volgende vername fokusareas vir die MTUR en die huidige boekjaar geïdentifiseer:

- Versterking van gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme en beskermende werkswinkels vir volwassenes met gestremdhede ten einde die diens te standaardiseer met die oog op 'n beter gehalte van diens;
- Loodsing van die registrasie van gedeeltelikesorgfasiliteite / dagsorgsentrums vir kinders met gestremdhede om die wetgewende mandaat vervat in hoofstuk 5 van die Kinderwet tot uitvoer te bring en om toegang tot slagofferbemagtigingsdienste vir die dowe gemeenskap te verseker;
- Volhouding van ondersteuning aan gestremdhedsdiensorganisasies en organisasies vir gestremde mense wat ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lewer;
- Verlening van leiding en ondersteuning aan dagsorgsentrums en 24-uur-sorgfasiliteite vir kinders met erge en volslae intellektuele gestremdhede sodat hulle ná die COVID-19-pandemie weer 'n volle diens kan lewer;
- Verlening van leiding en ondersteuning aan residensiële fasiliteite (24-uur-sorgfasiliteite) vir volwassenes met gestremdhede en versekering dat daar aan minimumstandaarde vir residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede voldoen word;
- Volgehoue ondersteuning van residensiëlesorgfasiliteite vir persone met gestremdhede veral ten opsigte van maatreëls om higiëne te verbeter en die risiko van infeksie onder inwoners en personeel te verlaag;
- Versterking van strukture wat ondersteuning aan die ouers van kinders met gestremdhede bied, in vennootskap met die OSW-sektor; en

- Versterking van berading- en psigososiale ondersteuningsdienste vir persone met gestremdhede en gemeenskapslede.

## Subprogram 2.4: MIV en VIGS

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde versorgingsprogramme en -dienste wat gemik is op die versagting van die maatskaplike en ekonomiese impak van die menslike immunitieitsgebrek virus (MIV) en VIGS.

### Programfokus

MIV/VIGS-intervensies en -begroting word by die program vir kindersorg en -beskerming geïntegreer.

## Subprogram 2.5: Maatskaplike noodleniging

### Doel van subprogram

Om te reageer op noodbehoefte wat geïdentifiseer is in gemeenskappe wat deur rampe geraak word waar hierdie nog nie verklaar is nie en/of enige ander maatskaplike toestand wat weens buitensporige ontbering veroorsaak word.

## Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gevalle van buitensporige ontbering geassesseer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys.	2.5.1.1 Getal gevalle van buitensporige ontbering (huishoudings) wat geassesseer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is.	1 967	1 732	1 637	1 390	1 242	1 351	1 428
	Rampgevalle geassesseer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys.	2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys is.	1 505	2 037	1 821	1 555	1 355	1 275	1 285

## Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
2.5.1.1 Getal gevalle van buitensporige ontbering (huishoudings) wat geassesseer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampvoordele verwys is.	1 242	304	313	323	302
2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) wat geëvalueer en na SASSA vir maatskaplike noodleniging of rampverligting verwys is.	1 355	331	342	351	331

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die Wes-Kaap is blootgestel aan 'n hoë vlak van ramprisiko's weens gevaarlike weersomstandighede wat vloede, droogtes en brande veroorsaak wat aanleiding gee tot wydverspreide ontberings en menslike nood. Hierby vererger komplekse humanitêre noodgevalle soos sosiale konflik en massa-uitsettings die maatskaplike kwesbaarheid van die kwesbaarstes en die armes. 'n Vername fokusarea

van die subprogram maatskaplike noodleniging is om toegang tot omvattende maatskaplikennoodlenigingsintervensies te verleen via assesserings en verwysings na SASSA-gedadministreerde dienste (tydelike finansiële/materiële bystand) ooreenkomstig die Wet op Maatskaplike Bystand.

Ooreenkomstig prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTUR, naamlik "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", speel maatskaplike noodleniging in die vorm van voordele vir mense in nood 'n belangrike rol in die opbou van veerkragtigheid vir daardie huishoudings/gesinne wat aan buitensporige ontbering blootgestel is en/of deur rampe van 'n uiteenlopende aard getref is. Dit is belangrik dat hierdie gesinne toegang tot psigososiale en die nodige monetêre ondersteuning verkry wat hulle sal help om op 'n veerkragtige wyse die ontberings te bowe te kom. Sodoende het hierdie subprogram regstreeks betrekking op 'n top-prioriteit van die departement, naamlik "veerkragtige gesinne", soos verwoord in VIP 3 ("Bemagtiging van mense") en die tema "Welstand" vervat in die WK-herstelplan wat beide ten doel het om menseregte te bevorder.

'n Verdere intervensie vir arm kwesbare gesinne is die projek getitel "Sanitêre waardigheid". Via hierdie projek sal jong meisies in grade 4 – 12 wat in arm gebiede (met die grootste behoefte) skool gaan, in staat wees om toegang te verkry tot sanitêre produkte, en sodoende word daar verseker dat skoolbywoning nie onderbreek word nie.

Die DMO is die toonaangewende departement met betrekking tot die provinsie se strategie om rampe op só 'n wyse te bestuur dat die negatiewe gevolge wat huishoudings/individue weens verklaarde/nie-verklaarde rampe in die gesig staar, versag word. 'n Plan is onder aanvoering van die DMO se span vir humanitêre noodleniging ontwikkel sodat voorbereidings getref kan word om die negatiewe maatskaplike impak van droogtes, wat steeds in dele van die provinsie ondervind word, te versag. Daar word voorsien dat werksverliese in die landbousektor sowel as die aanvang van die COVID-19-pandemie sal aanhou om die gesinne van plaaswerkers onder geweldige druk te plaas. Die DMO sal ten nouste met SASSA saamwerk om te verseker dat hierdie gesinne toegang tot maatskaplike noodleniging of rampverligting verkry. Die departement sal ook steeds die nodige psigososiale ondersteuning en traumadienste bied met behulp van sy maatskaplikewerk- en gemeenskapontwikkelingspersoneel.

Die humanitêre noodlenigingswerk wat onder aanvoering van die DMO verrig word, sal in hoofsaak steeds fokus op die daarstelling van 'n werkstroom vir humanitêre noodleniging in die Kaapse Wynlande en om streeksbeamptes se kapasiteit ten opsigte van die beleidsriglyne en protokolle vir maatskaplike noodleniging te versterk met die oog daarop om die gehalte, toeganklikheid en volhoubaarheid van die intervensies vir kwesbare groepe binne huishoudings te verbeter. Hierdie vername fokusareas sal ook uitgebrei word om diegene in te sluit wat via die herstelplan se brandpuntstrategie geïdentifiseer is.

### **5.2.1 Program se hulpbronoorwegings**

Die styging van R49.665 miljoen vanaf die hersiene raming van R984.791 miljoen in 2020/21 tot R1.034 miljard in 2021/22 is toe te skryf aan befondsing vir die uitbreiding van mediese personeel by Sivuyile weens verhoogde bedspasie, 'n toewysing vir die "Sanitêre waardigheid"-projek en addisionele befondsing vir maatskaplike werkers, veral in areas met 'n hoë voorkoms van geslagsgebaseerde geweld, middelmisbruik en kwessies wat 'n impak op kinders het. Die begroting daal daarna tot R1.019 miljard in 2022/23 weens begrotingsdruk en styg dan tot R1.054 miljard in 2023/24.

## Opsomming van betalings en ramings – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoofbegroting 2020/21	Aangesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
2.1 Bestuur en ondersteuning	438 612	463 065	506 910	557 915	508 689	508 689	560 005	569 752	577 880	10.09
2.2 Dienste vir ouer persone	238 253	244 749	258 515	269 431	271 397	271 397	262 586	246 923	259 276	(3.25)
2.3 Dienste vir persone met gestremdhede	162 824	172 429	181 690	198 027	198 746	198 746	198 759	188 691	202 269	0.01
2.5 Maatskaplike noodleniging	4 382	5 788	13 705	13 922	5 959	5 959	13 106	13 561	15 030	119.94
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>844 071</b>	<b>886 031</b>	<b>960 820</b>	<b>1 039 295</b>	<b>984 791</b>	<b>984 791</b>	<b>1 034 456</b>	<b>1 018 927</b>	<b>1 054 455</b>	<b>5.04</b>

## Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting 2020/21	Aangesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
<b>Lopende betalings</b>	<b>447 228</b>	<b>472 929</b>	<b>529 300</b>	<b>582 098</b>	<b>529 851</b>	<b>529 851</b>	<b>585 941</b>	<b>593 762</b>	<b>603 129</b>	<b>10.59</b>
Vergoeding van werknemers	390 228	415 917	457 136	499 995	464 502	464 502	504 059	505 794	511 067	8.52
Goedere en dienste	57 000	57 012	72 164	82 103	65 349	65 349	81 882	87 968	92 062	25.30
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>378 950</b>	<b>393 505</b>	<b>410 049</b>	<b>427 034</b>	<b>429 421</b>	<b>429 421</b>	<b>418 365</b>	<b>391 330</b>	<b>416 025</b>	<b>(2.57)</b>
Departementel e agenskappe en rekeninge	-	1	1	3	3	3	4	5	6	33.33
Instansies sonder winsbejag	378 218	392 907	409 233	426 618	428 917	428 917	417 919	390 862	415 534	(2.56)
Huishoudings	732	597	815	413	501	501	442	463	485	(11.78)
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>17 893</b>	<b>19 597</b>	<b>21 471</b>	<b>30 163</b>	<b>25 519</b>	<b>25 519</b>	<b>30 150</b>	<b>33 835</b>	<b>35 301</b>	<b>18.15</b>
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	17 893	19 597	21 471	30 163	25 519	25 519	30 150	33 835	35 301	18.15
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>
<b>Totaal ekonomiese klassifikasie</b>	<b>844 071</b>	<b>886 031</b>	<b>960 820</b>	<b>1 039 295</b>	<b>984 791</b>	<b>984 791</b>	<b>1 034 456</b>	<b>1 018 927</b>	<b>1 054 455</b>	<b>5.04</b>

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- Implementering van die hofuitspraak met betrekking tot mense met intellektuele gestremdhede, insluitend befondsing van subsidies vir vervoer;
- Vulling van geprioritiseerde/kritieke poste in die eenheid vir intellektuele gestremdheid;
- Voorsiening van addisionele befondsing en uitbreiding van mediese personeel by Sivuyile; en
- Implementering van die projek "Sanifêre waardigheid".

## 5.2.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<p><b>Arm, kwesbare ouer persone lewe aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</b></p>	<p>Nienakoming van statutêre vereistes van die Wet op Ouer Persone (13/2006).</p> <p>Beperking van die lewering van doeltreffende dienste aan ouer persone, soos om nie toepaslik gekwalifiseerde verpleërs en opgeleide versorgers te hê wat by residensiële fasiliteite werk nie.</p> <p>Gebrek aan toereikende kapasiteit vir implementering deur OSW's ten opsigte van die vereistes wat vir norme en standaard gestel is.</p> <p>Impak:</p> <p>Moontlike litigasie teen departement.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Program implementeer planne ooreenkomstig wet se voorskrifte.</li> <li>● Kwartaallikse/tweejaarlikse vergaderings met belanghebbers om te verseker dat norme en standaard soos voorgeskryf deur die Wet verstaan en aan voldoen word.</li> <li>● Lynmonitering van fasiliteite en dienste sowel as implementering van programme, insluitende lessenaarevaluerings en benutting van virtuele platforms.</li> </ul>
	<p>Onvermoë om monitering-en-evalueringsfunksies te verrig weens COVID-19-rampregulasies en risiko dat personeel besmet kan word</p> <p>Beperkings op gereelde vergaderings (fisies) met belanghebbers weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<p>Geen fisiese kontak met OSW's:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Monitering via lessenaarevaluerings.</li> <li>● Ondersteunende dokumente geskandeer en per e-pos versend vir verifikasie.</li> </ul> <p>Virtuele platforms word ingespan:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Telefoniese vergaderings.</li> <li>● Geskrewe kommunikasie (e-pos).</li> </ul>
<p><b>Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.</b></p>	<p>Beperking op die lewering van doeltreffende dienste aan persone met gestremdhede.</p> <p>Ontoereikende voorsiening van fasiliteite en dienste vir persone met geestesgesondheidsprobleme.</p> <p>Impak:</p> <p>Kan daartoe lei dat die departement onder druk verkeer om plasing te maak wat dalk onvanpas is.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Belanghebbervergaderings met die departement van gesondheid (DvG) oor lisensiëringsverwante kwessies met betrekking tot fasiliteite vir kinders met erge en volslae intellektuele gestremdhede, die WKOD oor leerprogramme vir kinders met erge en volslae intellektuele gestremdhede en die VKO-/gedeeltelikesorgdirektoraat vir leiding ter nakoming van die Kinderwet.</li> <li>● Konstante interaksie met DvG oor gepaste plasing van en sorg vir persone met geestesgesondheidsprobleme.</li> </ul>
	<p>Afhanklikheid van intersektorale en intra-sektorale belanghebbers in die proses om gedeeltelikesorgfasiliteite vir kinders met gestremdhede te registreer.</p> <p>Impak:</p> <p>Nienakoming van wetgewende vereistes.</p> <p>Ongeregistreerde residensiëlesorg- en gedeeltelikesorgfasiliteite.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Vergaderings met DvG oor lisensiëringskwessies verwant aan residensiële fasiliteite soos intellektueelgestremde kinders/volwassenes, binne-pasiëntbehandelingsentrums en ouer persone. Dit sluit die gebruik van virtuele platforms in.</li> </ul>

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
	Verhoogde sterftesyfers weens COVID-19-infeksies onder personeel en kliënte in residensiële fasiliteite.	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Implementering van COVID-19- verwante regulasies en verskaffing van PBT.</li> </ul>
<p><b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.</b></p>	<p>Nielowering van maatskaplike noodlenigingsdienste deur SASSA aan begunstigdes wat deur die departement verwys is.</p> <p>Nienakoming van die vereistes van die Wet op Maatskaplike Hulpverlening ten opsigte van maatskaplike noodleniging en die ondersteunende protokolle en standaardbedryfsprosedure.</p> <p>Prosessuele oponthoude.</p> <p>SASSA se begrotingsbeperkinge.</p> <p>Duplikasie van prosesse binne die departement en SASSA.</p> <p>Verhoogde vraag na humanitêre noodleniging met betrekking tot provinsiale rampe (bv. droogte, waterskaarste, brande en voëlgriep) waar SASSA oënskynlik gebrekkig voorberei het om hierop te reageer.</p> <p>Impak:</p> <p>Gekompromitteerde lewensgehalte van kwesbare huishoudings weens 'n gebrek aan toegang tot maatskaplikennoodlenigingsvoordele.</p> <p>Begrotingsbeperkinge.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Alle verhoudinge met belanghebbers word bestuur ooreenkomstig die goedgekeurde raamwerk vir die bestuur van belanghebbers.</li> <li>● Memoranda van verstandhouding (MVV's) en DVO's is in plek met tersaaklike belanghebbers om die gehalte van verhoudinge te verbeter en tersaaklike departementele doelwitte te behaal.</li> </ul>

### 5.3 Program 3: Kinders en Gesinne

#### Doel van die program

Om in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing omvattende kinder- en gesinsorg- en -ondersteuningsdienste aan gemeenskappe te lewer.

#### Subprogram 3.1: Bestuur en ondersteuning

##### Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

#### Subprogram 3.2: Sorg en dienste vir gesinne

##### Doel van subprogram

Programme en dienste om funksionele gesinne te bevorder en kwesbaarheid in gesinne te verhoed.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Gesinsherenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne.	3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is. <sup>19</sup>	669	705	598	700	700	720	720
	Gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes is beskikbaar vir volwassenes wat hulle nodig.	3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	1 401	1 499	1 499	1 499	2 500	2 500	2 500
	Gesinsbehoud- en -ondersteuningsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne.	3.2.1.3 Getal gesinne wat aan gesinsbehoud- en -ondersteuningsdienste deelneem.	22 385	21 904	21 034	21 955	20 160	22 416	22 850

#### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is.	700	165	170	180	185
3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose volwassenes.	2 500	-	-	-	2 500
3.2.1.3 Getal gesinne wat aan gesinsbehoud- en -ondersteuningsdienste deelneem.	20 160	4 905	4 965	5 005	5 285

#### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die gesin is die basiese eenheid van sorg wat 'n geskikte omgewing moet bied vir die fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van al sy lede. As lede van gesinne, geniet kinders in die besonder

<sup>19</sup> Hierdie aanwyser tel die getal volwassenes in DMO-befondsde skuilings vir haweloses wat met hul gesinne herenig word.

dieselfde regte, insluitend die reg tot ouerlike en gesinsorg en -beskerming. Sterk gesinne verbeter die oorlewingskans van die individuele lede van 'n gesin. Dienste wat aan gesinne gelewer word, moet spruit uit 'n benadering wat gesinne versterk – 'n raamwerk waarvolgens die gesin erken word as die mees fundamentele faktor wat 'n impak op die lewens en uitkomst van kinders het, en insgelyks toegee dat gesinne slegs sterk kan wees as hulle deur veilige en florerende gemeenskappe ondersteun word. Hierdie perspektief stem direk ooreen met die 2019-2024 MTUR se Prioriteit 4: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer."

Veerkrachtige gesinne, kinders wat goed versorg is en ouers, versorgers en/of voogde wat voldoende toegang tot ondersteuningsdienste het, is die hoeksteen van 'n bemagtigde volk. Sterk gesinne verbeter die oorlewingskans van die individuele lede van 'n gesin, wat ooreenstem met VIP 3: "Bemagtiging van mense" en fokusarea 1: "Kinders en gesinne" sowel as die tema "Welstand" vervat in die WK-herstelplan. Die departement sal die voorsiening van essensiële dienste verseker aan gesinne wat in gevaar verkeer. Hierby ingesluit is gesinshereniging-en-behouddienste, essensiële voorkoming- en vroeë-intervensieprogramme, terapeutiese programme en mediasiedienste. Addisionele intervensies sluit die geïntegreerde Isibindi-program in wat die ondersteuning wat tans aan maatreëls ter beskerming van kinders verleen word, sal versterk en sodoende die diens se impak sal verbeter.

Hierdie program gaan daarop fokus om voorsiening te maak vir essensiële gemeenskapsgebaseerde voorkoming- en vroeë-intervensiedienste. Dit gaan fokus op die aanwysing van voorkoming- en vroeë-intervensie- (VVI-) organisasies en die registrasie van VVI-programme en op die versterking van herintegrasiedienste. Gedagtig aan die bedreiging wat die COVID-19-pandemie vir die welstand van kinders en hul gesinne inhou, sal dienste steeds gelewer word op 'n wyse wat aan COVID-19-protokolle en -regulasies voldoen ter wille van kliënte en personeellede se veiligheid.

### Subprogram 3.3: Kindersorg-en-beskerming

#### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste wat voorsiening maak vir die ontwikkeling, versorging en beskerming van die regte van kinders.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Pleegsorgplasingdienste is beskikbaar vir kinders met 'n behoefte aan sorg en beskerming.	3.3.1.1 Getal kinders in pleegsorg geplaas.	4 055	3 514	3 478	3 500 <sup>20</sup>	3 206	3 266	3 261
	Herenigingsdienste word tot die beskikking van geaffekteerde kinders, hul gesinne en alternatiewe versorgers gestel.	3.3.1.2 Getal kinders met hul families of alternatiewe versorgers herenig.	366	308	352	381	340	357	371
	Ouerlike opvoeding-en	3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat	3 727	3 891	3 251	3 805	3 230	3 577	3 702

<sup>20</sup> Die nasionale beleid oor kindersorg en -beskerming lê bepalings neer vir versorging deur bloedverwante, wat dit moontlik maak vir kinders om in die sorg van hul familie te bly.

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
	opleidingsprogramme is beskikbaar vir geëffekteerde ouers en versorgers.	oueropvoeding- en -opleidingsprogramme deurloop het.							

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.3.1.1 Getal kinders in pleegsorg geplaas.	3 206	695	873	849	789
3.3.1.2 Getal kinders met hul families of alternatiewe versorgers herenig.	340	72	89	90	89
3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding- en -opleidingsprogramme deurloop het.	3 230	782	851	801	796

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

In wese is die departement se wetgewende mandate in hierdie program gesetel. Derhalwe sal daar grotendeels gefokus word op die volledige implementering van die basiese vereistes van die Kinderwet en die doeltreffende monitering van alle statutêre dienste om sodoende die bevordering en beskerming van kinders se regte te verseker. Dit stem regstreeks ooreen met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTUR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer." Dit stem ook ooreen met VIP 1: "Veilige en koherente gemeenskappe", fokusarea 2: "Versterkte verwysingspaaie vir jeugdige in gevaar en kinder- en gesinsgesentreerde inisiatiewe om geweld te verminder", fokusarea 3: "Verhoogde maatskaplike kohesie en veilige openbare ruimtes" en VIP 3: "Bemagtiging van mense", fokusarea 1: "Kinders en gesinne" en fokusarea 2: "Onderwys en leer". Veerkragtige gesinne, kinders wat goed versorg is en ouers, versorgers en/of voogde wat voldoende toegang tot ondersteuningsdienste het, is die hoeksteen van 'n bemagtigde volk en dra sodoende by tot die tema "Welstand" soos vervat in die WK-herstelplan.

Die program sal voortgaan om opleiding aan maatskaplikedienspraktisyns te bied oor aangeleenthede verwant aan die implementering van die Kinderwet en dien op die provinsiale en streekspaneel wat kindersterftes ondersoek in samewerking met tersaaklike belanghebbers in die DvG, tersiêre onderwysinstansies, SAPD en Departement van Justisie.

Ooreenkomstig die Kinderwet sal vroeë-intervensie- en voorkomende dienste, met insluiting van ouerlike verantwoordelikhede en regte sowel as openbare opvoeding (met 'n fokus op burgerlike verantwoordelikhede en die plig om kindermishandeling te rapporteer ten einde kindermishandeling, -verwaarloosing en -eksploitasie te voorkom) geprioritiseer word. Vroeë-intervensiedienste sal programme insluit wat ontwerp is vir kinders wat in gevaar verkeer soos ontwikkelingsprogramme vir adolessente, teenboeillie-/geen-boeillie-programme, trauma- en ontvallingsberading en tydelike veilige sorg vir kinders wat in gevaar verkeer. Gedurende die 2021/22-boekjaar sal die departement voortgaan met die implementering van die pleegsorgbestuursprogram en die hersiening van die provinsiale kinderbeskermingstrategie. Oorgang- en ondersteuningsprogramme sal vir kinders wat alternatiewe sorg verlaat, geïmplementeer word sowel as hereniging- en nasorgdienste. Norme en standaarde (ter nakoming van die Kinderwet) sal geïmplementeer word by wyse van prestasie-monitering binne die OSW-sektor. Daar word voorsien dat die verwysingstelsel tussen alle vlakke van kinderbeskermingsdienste (wat bydra tot die proses verwant aan die Derde Kinderwysigingswetsontwerp) sal versterk word. Dienste word gelewer ooreenkomstig COVID-19-protokolle. Om dienslewering te verseker, word alternatiewe metodes van dienslewering, soos die telefoniese lewering van psigososiale ondersteuningsdienste, tans ondersoek.

## Subprogram 3.4: VKO- en gedeeltelike sorg

### Doel van subprogram

Om omvattende dienste vir vroeëkindontwikkeling te verskaf.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders tot op die ouderdom van sewe jaar ontvang VKO van gehalte en daardie tot op die ouderdom van 18 jaar ontvang NSS van gehalte.	Befondsde VKO-fasiliteite.	<b>3.4.1.1</b> Getal subsidies oorgedra na VKO-fasiliteite om VKO-dienste aan jong kinders te lewer.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	60 000	60 000	60 000	60 000
	Voorsiening van gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmylpale te behaal nie.	<b>3.4.1.2</b> Getal VKO-sentrums waar gespesialiseerde ondersteuningsdienste voorsien word aan kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmylpale te behaal nie. <sup>21</sup>	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	85	95	105	115
	Befondsde NSS-fasiliteite.	<b>3.4.1.3</b> Getal subsidies oorgedra na NSS-fasiliteite om dienste aan kinders te lewer	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	6 500	6 500	6 500	6 500
	Gedeeltelike orgfasiliteite is geregistreer.	<b>3.4.1.4</b> Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite. <sup>22</sup>	1 774	1 470	1 708	1 500 <sup>23</sup>	1 500	1 500	1 500
	VKO-sentrums is opgegradeer.	<b>3.4.1.5</b> Getal VKO-sentrums opgegradeer deur middel van die voorwaardelike infrastruktuurtoekenning.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	51	50	50	55

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>3.4.1.1</b> Getal subsidies oorgedra na VKO-fasiliteite om VKO-dienste aan jong kinders te lewer.	60 000	-	-	-	60 000
<b>3.4.1.2</b> Getal VKO-sentrums waar gespesialiseerde ondersteuningsdienste voorsien word aan kinders wat die risiko loop om nie hul ontwikkelingsmylpale te behaal nie.	95	-	-	-	95
<b>3.4.1.3</b> Getal subsidies oorgedra na NSS-fasiliteite om dienste aan kinders te lewer.	6 500	-	-	-	6 500
<b>3.4.1.4</b> Getal geregistreerde gedeeltelikesorgfasiliteite.	1 500	1 500	1 500	1 500	1 500
<b>3.4.1.5</b> Getal VKO-sentrums opgegradeer deur middel van die voorwaardelike infrastruktuurtoekenning.	50	-	-	-	50

<sup>21</sup> Die uitset en aanwyser is in 2021/22 gewysig om "en skole" te verwyder.

<sup>22</sup> Uit hierdie getal is ongeveer 10% geregistreerde NSS-gedeeltelikesorgfasiliteite.

<sup>23</sup> Die verlaging in die teiken hou verband met die hoë aantal registrasiesertifikaat wat verstryk het weens probleme met die verkryging van munisipale klaringssertifikaat. Gesprekke word tans tussen die DMO, plaaslike regerings en SALGA gevoer om hierdie kwessie by te lê.

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Die departement se oogmerk is om VKO van gehalte te voorsien as die basis vir die verbetering van uitkomst op skool. In reaksie op die WK-herstelplan sal die departement verseker dat VKO's operasioneel bly deur die voorsiening van finansiële ondersteuning vir PBT en ontsmetting van fasiliteite. Hierdie is 'n belangrike imperatief om jong kinders veilig en aan die leer te hou, 'n voortgesette inkomste vir die praktisyns te verseker en ook om broodwinning vir ouers/versorgers moontlik te maak. VKO is 'n intervensie wat die kognitiewe en fisiese ontwikkeling van jong kinders verbeter<sup>24</sup>. Hierdie intervensie stem regstreeks ooreen met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTUR: "Konsolidering van maatskaplike loon via basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is" en die uitkomst: "Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings" van die WKR se VIP 3: "Bemagtiging van mense".

Verdere intervensies ter ondersteuning van die tema "Welstand" soos vervat in die WK-herstelplan sluit in die voortsetting van gespesialiseerde leerderondersteuningsprogramme wat voorsiening maak vir arbeidsterapie-, spraakterapie- en verwante gespesialiseerde ondersteuning in die VKO-omgewing om skoolgereedheid te verseker. Dit is veral belangrik aangesien baie kinders VKO betree met uitdagings verwant aan die bereiking van ontwikkelingsmylpale.

Om lewering van hierdie dienste te verseker, sal hulp verleen word aan gedeeltelikesorgfasiliteite (insluitend fasiliteite vir kinders met gestremdhede) met registrasie, herregistrasie, vennootskappe met ander departemente en rolspelers (via ontwikkeling, mentorskap en ondersteuning) sowel as leerprogramme wat binne en buite die fasiliteit aangebied word. Voorts sal die departement prioriteit verleen aan VKO-gedeeltelikesorgfasiliteite wat vir die eerste keer via die voorwaardelike subsidietoekenning om befondsing aansoek doen en hulp verleen met geringe opgradering- en instandhoudingswerk aan infrastruktuur (vir fasiliteite wat via die voorwaardelike instandhoudingstoekenning voorwaardelik goedgekeur is). Die programme en dienste wat by NSS-sentrums aangebied word, sal gemoniteer word vir verbeterings op en nakoming van norme en standaarde. Alle dienste wat deur die program gelewer word, sal verseker dat COVID-19-gesondheids- en -veiligheidsriglyne nageset nagekom word asook ondersteuning verleen om higiëne by VKO-fasiliteite te verbeter om sodoende kinders en VKO-praktisyns te beveilig.

### Subprogram 3.5: Kinder-en-jeugsorgsentrus

#### Doel van subprogram

Verskaf alternatiewe sorg en ondersteuning vir kwesbare kinders.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Residensiële sorgdienste is beskikbaar vir kinders wat 'n behoefte aan alternatiewe sorg het.	3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW-KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	2 892	2 811	2 787	2 880	2 880	2 880	2 880
		3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	568	527	690	500	500	500	500

#### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW-KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	2 880	2 112	256	256	256
3.5.1.2 Getal kinders in eie KJSS'e ooreenkomstig die Kinderwet.	500	305	65	65	65

<sup>24</sup> Geïntegreerde Provinsiale Strategie vir Vroeëkindontwikkeling 2011-2016

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Deur voldoening aan norme en standaarde vir KJSS'e te verseker, stem hierdie program ooreen met Prioriteit 4: "Konsolidering van maatskaplike loon via basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is". Veerkragtige gesinne, kinders wat goed versorg is en ouers, versorgers en/of voogde wat voldoende toegang tot ondersteuningsdienste het, is die hoeksteen van bemagtigde mense. Hierdie program stem ook ooreen met VIP 1: "Veilige en koherente gemeenskappe", fokusarea 3: "Verhoogde maatskaplike kohesie en veilige openbare ruimtes" sowel as VIP 3: "Bemagtiging van mense" en fokusarea 2: "Onderwys en leer".

Via 'n model vir 'n veelvoud programme en gespesialiseerde dienste (soos beskryf in artikel 191 van die Kinderwet) verskaf die departement 'n ondersteunende en veilige omgewing vir kinders wat noodwendig 'n behoefte aan sorg en beskerming het in residensiële fasiliteite waar ontwikkelingsgerigte, terapeutiese en rekreasionele intervensies die herintegrasië van die kind by sy/haar gemeenskap moontlik maak. Hierdie programme en dienste word en sal steeds deur departementele KJSS'e aangebied word onderwyl verseker word dat daar aan norme en standaarde voldoen word met behulp van strategies gesentraliseerde ondersteuning en prosesse verwant aan assessering, opleiding en gehalteversekering met die gelyklopende registrasie en herregistrasie van KJSS'e. Voorts is COVID-19-gesondheid-en-veiligheidsprotokolle soos die basiese maatreëls om infeksie te voorkom en te beheer, fisiese afstande te handhaaf en personeellede daaglik te toets, geïmplementeer om die risiko van infeksie by fasiliteite te verlaag.

Voorts is doeltreffende gesentraliseerde plasingbestuur van alle kinders in residensiële alternatiewe sorg en hul beweging in plek en word gehandhaaf ten einde toetreding tot die korrekte program ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet te verseker na gelang van die aanwysing van KJSS'e en om aansoeke om kinders na 'n hoër vlak van sorg te verskuif sodat daar seker gemaak word dat kinders geplaas word in 'n vlak van sorg wat hulle nie uitermatig inperk nie en hul bemagtiging optimaliseer.

## Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders

### Doel van subprogram

Verskaf beskerming, sorg en ondersteuning aan kwesbare kinders in gemeenskappe.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Opgeleide kinder-en-jeugsorgwerkers.	3.6.1.1 Getal kinder-en-jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het.	34	25 <sup>25</sup>	20	15	10	10	10

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
3.6.1.1 Getal kinder-en-jeugsorgwerkers wat opleiding ontvang het.	10	-	-	-	10

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Opgeleide kinder-en-jeugsorgwerkers is onontbeerlik vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde voorkoming- en vroeë-intervensieprogramme, gesinsbevordering,

<sup>25</sup> In 2018/19 is die program "Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders" geïntegreer by ander dienste wat aangebied word deur Program 3: Kinders en gesinne.

terapeutiese programme, herintegrasië- en bemiddelingsdienste en gesinsbehoudsdienste. Hierdie program sal verseker dat 'n toereikende aantal beroepslui wat eweredig versprei is, voorsien word. Dit staan integraal tot die lewering van doeltreffende gemeenskapsgebaseerde kindersorg- en beskermingsdienste. Hierdie intervensie stem ooreen met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019-2024 MTUR: "Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer" wat op sy beurt ooreenstem met die WKR se VIP 3: "Bemagtiging van mense" en die uitkomst: "Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings".

Benewens opleiding van kinder- en jeugsorgwerkers sal die fokus wees op die ontplooiing en versterking van 'n geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde VVI-model (saamgestel uit Isibindi, instapsentrums, Oog-op-die-Kind, NSS, herintegrasië dienste en 'n pakket bestaande uit kerndienste). Dit sal 'n verwysingspad vir VVI insluit wat ooreenstem met die verwysingspad vir kinderbeskerming.

### 5.3.1 Program se hulpbronnorewegings

Die verlaging van R32.603 miljoen vanaf die hersiene raming van R876.449 miljoen in 2020/21 na R843.846 miljoen in 2021/22 is weens die verlaging van die toekenning vir vroeëkindontwikkeling. Die begrotingstoewysing daal daarna tot R799.950 miljoen in 2022/23 weens begrotingsdruk en styg tot R845.145 miljoen in 2023/24.

### Opsomming van betalings en ramings – Program 3: Kinders en Gesinne

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	2020/21	2020/21	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2020/21
3.1 Bestuur en ondersteuning	2 101	2 277	2 434	3 066	3 524	3 524	2 983	3 066	3 136	(15.35)
3.2 Sorg en dienste vir gesinne	45 408	47 074	49 779	52 753	55 887	55 887	65 704	57 202	56 820	17.57
3.3 Kindersorg- en -beskerming	191 032	206 753	228 864	245 096	237 154	237 154	241 866	236 238	247 435	1.99
3.4 VKO en gedeeltelike sorg	313 041	327 700	363 100	413 516	471 226	471 226	424 635	400 616	429 833	(9.89)
3.5 Kinder- en jeugsorgsentrus	98 329	100 003	105 893	110 558	108 658	108 658	108 658	102 828	107 921	-
3.6 Gemeenskapsgebaseerde versorgingsdienste vir kinders	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>649 911</b>	<b>683 807</b>	<b>750 070</b>	<b>824 989</b>	<b>876 449</b>	<b>876 449</b>	<b>843 846</b>	<b>799 950</b>	<b>845 145</b>	<b>(3.72)</b>

### Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 3: Kinders en Gesinne

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoofbegroting	Aangesuiwerde begroting	Hersiene raming	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20	2020/21	2020/21	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2020/21
<b>Lopende betalings</b>	<b>29 987</b>	<b>33 326</b>	<b>34 913</b>	<b>38 291</b>	<b>35 164</b>	<b>35 164</b>	<b>34 992</b>	<b>36 031</b>	<b>36 712</b>	<b>(0.49)</b>
Vergoeding van werknemers	29 086	32 098	33 537	36 645	34 586	34 586	33 642	34 227	34 827	(2.73)
Goedere en dienste	901	1 228	1 376	1 646	578	578	1 350	1 804	1 885	133.56
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>619 917</b>	<b>650 481</b>	<b>715 151</b>	<b>786 120</b>	<b>840 689</b>	<b>840 689</b>	<b>808 247</b>	<b>763 283</b>	<b>807 766</b>	<b>(3.86)</b>
Departementele agentskappe en rekeninge	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Instansies sonder winsbejag	612 352	643 431	707 954	777 975	832 400	832 400	800 416	755 452	799 935	(3.84)
Huishoudings	7 565	7 050	7 197	8 145	8 289	8 289	7 831	7 831	7 831	(5.53)
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>7</b>	<b>-</b>	<b>6</b>	<b>578</b>	<b>596</b>	<b>596</b>	<b>607</b>	<b>636</b>	<b>667</b>	<b>1.85</b>

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkomst			Hoofbegroting 2020/21	Aangesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersieneraming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	7	-	6	578	596	596	607	636	667	1.85
Betalings vir finansiële bates	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal ekonomiese klassifikasie</b>	<b>649 911</b>	<b>683 807</b>	<b>750 070</b>	<b>824 989</b>	<b>876 449</b>	<b>876 449</b>	<b>843 846</b>	<b>799 950</b>	<b>845 145</b>	<b>(3.72)</b>

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- Bespoediging van die implementering van die pleegsorgbestuursprogram (die werwing, opleiding en ondersteuning van pleegsorg- en beveiligingsouers) en die ontwikkeling van innoverende maniere om werk te maak van die agterstand in pleegsorg;
- Verbetering in die doeltreffendheid van die registrasie en herregistrasie van VKO's deur 'n gesentraliseerde registrasieproses te gebruik; en
- Uitbreiding van die spesiale VKO-program vir Engels as taal en kognitiewe ontwikkeling waar skoolgereedheid swak is van 85 tot 115 persele teen 2023/24.

### 5.3.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<b>Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.</b>	<p>Nienakoming van statutêre vereistes van die Kinderwet (38/2005)</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Program implementeer planne ooreenkomstig wet se voorskrifte.</li> <li>● Kwartaallike/tweejaarlikse vergaderings met belanghebbers om te verseker dat norme en standaarde soos voorgeskryf deur die Wet verstaan en aan voldoen word.</li> <li>● Lynmonitering van fasiliteite en dienste en programimplementering.</li> <li>● Implementering van M&amp;E en lynmonitering van die gehalte van fasiliteite en dienste en programimplementering, met die insluiting van lessenaarevaluerings en die gebruik van virtuele platforms.</li> <li>● Maak seker dat SBP's nagekom word ten einde OSW-nakoming te verbeter.</li> <li>● Versterk koördinerende oorsigrol van die Provinsiale Kinder- en Gesinsforum (PKGF).</li> <li>● Sakekontinuiteitsplanne is in plek.</li> <li>● Bou 'n spesiale voorwaarde in die 2021/22 OBO's in wat bepaling neerlê vir 'n diensverskaffer (d.w.s. die gevallebestuurder waar kinders betrokke is) om verwysings na spesiale dienste (bv. middelmisbruik, aannemingsdienste, ens.) te fasiliteer en te moniteer.</li> </ul>

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
	<p>Onvermoë om M&amp;E-funksies te lewer weens COVID-19-rampregulasies en risiko dat personeel besmet word.</p> <p>Beperkings op gereelde vergaderings (fisies) met belanghebbers weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<p>Geen fisiese kontak met OSW's:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Monitering via lessenaarevaluerings.</li> <li>● Ondersteunende dokumente geskandeer en per e-pos versend vir verifikasie.</li> </ul> <p>Virtuele platforms word ingespan:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Telefoniese vergaderings</li> <li>● Geskrewe kommunikasie (e-pos)</li> </ul>
<p><b>Kinders tot op die ouderdom van sewe jaar ontvang VKO van gehalte en daardie tot op die ouderdom van 18 jaar ontvang NSS van gehalte.</b></p>	<p>Ongeregistreerde residensiëlesorg- en gedeeltelikesorgfasiliteite.</p> <p>Impak:</p> <p>Moontlike litigasie teen departement.</p> <p>Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Implementering van gepaste diensleweringverbeterings, bv. sentralisering van die registrasie van VKO-fasiliteite.</li> <li>● Versterk gemeenskapgebaseerde intervensies en ondersteun plasing in plaas van gestruktureerde fasiliteite.</li> </ul>
	<p>Afhanklikheid van intersektorale belanghebbers in die proses om fasiliteite te registreer.</p> <p>Impak:</p> <p>Ongeregistreerde residensiëlesorg- en gedeeltelikesorgfasiliteite.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Geïnstitutionaliseerde belanghebbervergaderings op streek- en provinsiale vlak met plaaslike regerings/munisipaliteite ten einde die registrasieproses te verbeter. Dit sluit die gebruik van virtuele platforms in.</li> <li>● Samewerking met DvG ten opsigte van protokolle wat die veilige lewering van psigososiale ondersteuningsdienste moontlik maak.</li> </ul>
	<p>Onvermoë van VKO's om oop te maak nadat inperkingsregulasies verslap is.</p> <p>Impak:</p> <p>VKO's bly gesluit.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Selfassesserings moet deur VKO's gedoen en geverifieer word vóór heropening.</li> <li>● PBT-ondersteuning aan VKO's.</li> </ul>

## 5.4 Program 4: Herstellende dienste

### Doel van die program

Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikemisdadvoorkoming- en anti-middelmisbruikdienste aan die kwesbaarste mense in vennootskap met belanghebbers en organisasies vanuit die burgerlike samelewing.

### Subprogram 4.1: Bestuur en ondersteuning

#### Doel van subprogram

Lê bepalinge neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

### Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en ondersteuning

#### Doel van subprogram

Ontwikkel en implementeer programme om maatskaplikemisdad te voorkom en verskaf proefdienste wat afgestem is op kinder-, jeug- en volwasse oortreders en slagoffers binne die strafregproses.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Volwassenes wat met die gereg bots en deur die howe verwys is, neem deel aan afwentelingsprogramme.	4.2.1.1 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	13 202	11 963	12 976	10 910	9 734	9 197	8 938
		4.2.1.2 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	8 578	7 681	8 214	7 222	6 234	5 663	5 465
Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	Kinders wat met die gereg bots, word deur die howe verwys en neem deel aan geakkrediteerde afwentelingsprogramme. <sup>26</sup>	4.2.1.3 Getal kinders wat met die gereg bots, geëvalueer.	8 012	7 060	6 388	6 780	6 520	6 226	6 043
		4.2.1.4 Getal kinders wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys word.	3 117	2 217	1 772	2 230	1 966	1 881	1 832
		4.2.1.5 Getal kinders wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	1 824	1 576	1 220	1 492	1 340	1 275	1 241

<sup>26</sup> Volgens die 2018/19-jaarverslag oor die implementering van die Wet op Kindergeregtigheid was daar 'n afname in die getal kinders wat deur die SAPD gearresteer en aangekla is. Dit verklaar die laer teikens vir hofverwysings.

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.	Geregistreerde residensiële fasiliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen, is beskikbaar vir kinders wat verhoorafwag end en gevonnissen is.	4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e gevonnissen is.	160	148	162	160	160	160	160
		4.2.1.7 Getal kinders wat weens 'n botsing met die gereg verhoorafwag tend is in beveiligde sorgsentrums (KJSS'e) geplaas ooreenkomstig die Wet op Kindergeregtigheid.	1 309	1 167	1 201	1 300	1 300	1 300	1 300
	Kinders en jeug in gevaar in die elf hoërisiko-areas word van gepaste gespesialiseerde intervensies voorsien.	4.2.1.8 Getal skole in die elf gebiede wat deur die SAPD en/of WKR se veiligheidsplan as hoërisiko-areas uitgewys is waar DMO-en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers op 'n weeklikse basis kinders en jeug in gevaar identifiseer en assessee en na gespesialiseerde intervensies verwys en opvolg.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	30	70	80	90

**Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens**

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.2.1.1 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys is.	9 734	2 389	2 435	2 533	2 377
4.2.1.2 Getal volwassenes wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	6 234	1 559	1 573	1 563	1 539
4.2.1.3 Getal kinders wat met die gereg bots, geëvalueer.	6 520	1 650	1 600	1 725	1 545
4.2.1.4 Getal kinders wat met die gereg bots wat na afwentelingsprogramme verwys word.	1 966	473	500	515	478
4.2.1.5 Getal kinders wat met die gereg bots wat afwentelingsprogramme voltooi het.	1 340	322	348	343	327
4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e gevonnissen is.	160	115	15	15	15
4.2.1.7 Getal kinders wat weens 'n botsing met die gereg verhoorafwag tend is in beveiligde sorgsentrums (KJSS'e) geplaas ooreenkomstig die Wet op Kindergeregtigheid.	1 300	520	260	260	260
4.2.1.8 Getal skole in die elf gebiede wat deur die SAPD en/of WKR se veiligheidsplan as hoërisiko-areas uitgewys is waar DMO-en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers op 'n weeklikse basis kinders en jeug in gevaar identifiseer en assessee en na gespesialiseerde intervensies verwys en opvolg.	70	14	21	21	14

## **Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk**

Die primêre fokus van hierdie program is op die voorkoming van maatskaplike misdaad en op statutêre dienste, soos deur die Wet op Kindergeregtigheid en die Wysigingswet op Proefdienste bepaal. In ooreenstemming met Prioriteit 4 vervat in die 2019 – 2024 MTUR (hantering van die maatskaplike beskerming van kinders) vind dit aansluiting by VIP 3: "Bemagtiging van mense" met die fokusarea 2: "Onderwys en leer" sowel as fokusarea 4 "Gesondheid en welstand" (identifisering, assessering en ondersteuning van kinders en jeug in gevaar) en VIP 1: "Veilige en koherente gemeenskappe" met fokusarea 2: "Versterkte verwysingspaaie vir jeugdige in gevaar en kinder- en gesinsgesentreerde inisiatiewe om geweld te verminder", fokusarea 3: "Verhoogde maatskaplike kohesie en veilige openbare ruimtes". Dit blyk duidelik uit beleidsprioriteite wat op verwysingsweë fokus sodat die jeug weggelei word van geweld na geleenthede en op die vermindering van bendegeweld, veral binne die konteks van skole. Hierdie program se fokus word voorts geïnformeer deur die WK-herstelplan, naamlik om die regte van kinders, die jeug en volwassenes wat met die gereg in hoërisiko-gemeenskappe bots se regte gestand te doen deur die veiligheid en welstand van gesinne te prioritiseer.

Die fokus van die program is op die ontwerp en implementering van 'n kontinuum van maatskaplikemisdadvoorkoming- en proefondersteuningsdienste vir kinders, jeug en volwassenes in gevaar en/of wat met die gereg bots ingevolge die Wet op Proefdienste (116/1991), soos gewysig, en die Wet op Kindergeregtigheid (75/2008) ten einde die maatskaplike integrasie, beskerming en ontwikkeling van kinders, jeug en volwassenes in gevaar of wat met die gereg bots, te fasiliteer. Hierdie dienste sluit in die tipes afwenteling van persone (kinders, jeug en volwassenes) wat met die gereg bots weg van die strafregstelsel sowel as die voorsiening van veilige en ondersteunende residensiële sorg vir kinders wat met die gereg bots, gehoorafwagend is of ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid gevonnissen is, met gepaste intervensies (soos psigososiale ondersteuning, lewensvaardighede, kontak- en aanlyn opleiding sowel as mentorskapprogramme) om dit vir die kind of jeugdige moontlik te maak om te herintegreer by sy/haar gesin en gemeenskap van oorsprong. Hierdie gemeenskapsgebaseerde en/of residensiële dienste sal op al vier diensleweringvlakke voorsien word, met intervensies wat in die 11 hoërisiko-polisiegebiede geprioritiseer word. Ooreenkomstig die beginsels van en tipes herstellende geregtigheid sal dienste ook fokus op die slagoffers van geweld in hierdie gebiede ten einde veerkrachtige gesinne en veiliger gemeenskappe te bevorder.

Die voormelde dienste sal gelewer word op 'n wyse wat aan die COVID-19-gesondheid- en veiligheidsprotokolle voldoen. Dit sluit in telefoniese lewering van psigososiale ondersteuningsdienste en maatskaplikemisdadvoorkoming-, herintegrasie- en afwentelingsprogramme sowel as die gebruik van aanlyn platforms om opleiding te verskaf en met belanghebbers te vergader. Op hierdie manier kan dienste steeds op 'n verantwoordelike wyse gelewer word onderwyl alle teikengroepe met die werktuie toegerus word om 'n positiewe en beskermende skild teen maatskaplike euwels in hoërisiko-gemeenskappe op te bou.

## Subprogram 4.3: Slagofferbemaatriging

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en dienste om slagoffers van geweld en misdad, veral vroue en kinders, te ondersteun, te versorg en te bemaatrig.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-hydyperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Psigososiale ondersteuning dienste is beskikbaar vir slagoffers van misdad en geweld.	4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry.	21 243	20 380	23 672	18 405	18 375	18 585	19 435
		4.3.1.2 Getal slagoffers van misdad en geweld wat toegang tot slagofferondersteuningsdienste verkry.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	1 250	1 100	1 200	1 280
	Dienste is beskikbaar vir slagoffers van mensehandel.	4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot maatskaplike dienste verkry het.	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	20	22	25	27
	Verskaffing van veilige akkommodasie aan slagoffers van misdad en geweld	4.3.1.4 Getal slagoffers van misdad en geweld wat toegang verkry tot slagofferbemaatrigingsprogramme via befondsde skuilings <sup>27</sup>	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	1 730	1 851	1 888	1 925

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry.	18 375	4 597	4 610	4 605	4 563
4.3.1.2 Getal slagoffers van misdad en geweld wat toegang tot slagofferondersteuningsdienste verkry.	1 100	275	250	275	300
4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot maatskaplike dienste verkry het.	22	6	5	5	6
4.3.1.4 Getal slagoffers van misdad en geweld wat toegang verkry tot slagofferbemaatrigingsprogramme via befondsde skuilings.	1 851	580	420	419	432

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydyperk

Die voorsiening van 'n kernpakket van maatskaplikewelsynintervensies insluitend essensiële minimum psigososiale ondersteuning en norme en standaarde vir dienste verwant aan middelmisbruik, geweld teen vroue en kinders, gesinne en gemeenskappe en slagofferbemaatriging is noodsaaklik in die stryd teen GGG en stem ooreen met die nasionale strategiese plan (NSP) oor geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (2020). Hierdie dienste stem ooreen met Prioriteit 4 vervat in die 2019 – 2024 MTUR:

<sup>27</sup> Herbenoem van "Getal slagoffers van misdad en geweld wat toegang verkry tot skuilingsdienste in befondsde slagofferbemaatrigingsprogram-dienssentrusms".

"Konsolidering van die maatskaplike loon deur basiese dienste wat betroubaar en van gehalte is, te lewer", veral die uitkomst wat handel oor 'n "Hervormde maatskaplikewelsynsektor en -dienste". Die uitsette hierbo gelys, en die intervensies wat hieronder gelys word, ondersteun regstreeks die WKR se VIP 3: "Bemagtiging van mense" en fokusarea 1: "Kinders en gesinne" word ontwikkel binne koesterende, ondersteunende en veilige omgewings sowel as WKR VIP 1: "Veilige en koherente gemeenskappe", met fokusarea 3 wat soos volg lui: "Verhoogde maatskaplike kohesie en veiligheid van openbare ruimtes". Hierdie program ondersteun voorts intervensies vervat in die WKR-herstelplan wat betrekking het op die temas veiligheid en welstand deur ondersteuningsdienste vir slagoffers van geweld.

GGG het langtermynimpakte op die oorlewende sowel as diene wat deur die mishandeling geraak word. Volgens die nasionale beleidsriglyne vir slagofferbemagtiging (2008) sowel as die NSP oor geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (2020), gee provinsiale en, uiteraard, die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling die toon aan ten opsigte van die regering se respons. Dit behels nie net die ontwikkeling, daarstelling en koördinerende van intersektorale meganismes, intervensies en vennootskappe nie, maar ook die ontwikkeling en aanbieding van regstreekse dienste aan slagoffers.

Die WKR het slagoffers van geweld en misdaad (veral vroue en kinders) geprioritiseer en bied geïntegreerde programme en ondersteuningsdienste wat, onder andere, hul regte handhaaf en veilige ruimtes binne gemeenskappe skep. Die fokus van die program is op die lewering van dienste aan volwasse slagoffers van huishoudelike geweld, seksuele oortredings en mensehandel deur te fokus op die verbetering van intersektorale samewerking; die opleiding van die departemente justisie, misdaadvoorkoming en sekuriteit oor slagoffergesentreerde dienste; die implementering van die intersektorale strategie vir slagofferbemagtiging; en die versterking van nasorgdienste vir slagoffers van seksuele aanrandings en, allerbelangrik, die verbetering van die respons, versorging en ondersteuning wat wissel van onmiddellike aksie tot langtermyn-traumaberading. Die vraag na hierdie dienste sal na verwagting styg as gevolg van die negatiewe sosio-ekonomiese impak van COVID-19, waarvoor veral vroue en kinders kwesbaar is.

Voorts sal die volgende intervensies geïmplementeer word:

- Die befondsing van skuilings en diensorganisasies en verbetering van die gehalte van dienste deur ondersteuning te verleen met die nakoming van die tersaaklike norme en standaarde vir dienslewering, en dit sluit die addisionele ses GGG-skuilings in wat gedurende die 2020/21-boekjaar befonds is;
- Implementering van 'n verbeterde sorgpakket vir slagoffers van seksuele geweld by Thuthuzela-sorgsentrums en geïdentifiseerde forensiese eenhede;
- Fasilitering van die voorsiening van geakkrediteerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir inwoners van skuilings ten einde die ekonomiese bemagtiging van hoofsaaklik vroulike slagoffers en hul kinders moontlik te maak;
- Voorsiening van voorkomende en rehabiliterende intervensies vir slagoffers van mensehandel ooreenkomstig die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013);
- Versterking van die verwysingstelsel vir slagoffers sodat hulle toegang kan verkry tot langtermyn-traumaberading, insluitende dienste wat deur die Beheersentrum vir Geslagsgebaseerde Geweld aangebied word;
- Versekering dat alle intervensies streng volgens COVID-19-gesondheids- en veiligheidsprotokolle gelewer word. Dit sluit in om alternatiewe metodes soos virtuele platforms en aanlyn opleiding te gebruik om kliënte en belanghebbers te bereik; en
- Versterking van programme wat op mans gemik is om werk te maak van negatiewe manlikheid as 'n integrale deel van GGG-intervensies.

## Subprogram 4.4: Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie

### Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir middelmisbruik, voorkoming, behandeling en rehabilitasie.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.	Befondsde binnepatiënt behandelings dienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.1</b> Getal gebruikers van dienste wat toegang tot binnepatiënt-behandelings dienste by befondsde OSW- en DMO se eie behandelingsentrums sowel as DMO-KJSS'e verkry het <sup>28</sup>	1 226	1 243	1 300	1 210	1 241	1 250	1 255
	Gemeenskaps gebaseerde behandelings dienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.2</b> Getal gebruikers van dienste wat toegang tot gemeenskaps gebaseerde behandelings dienste verkry het. <sup>28</sup>	3 250	3 346	2 961	3 500	3 620	3 650	3 700
	Vroeë-intervensie vir middelmisbruik is beskikbaar.	<b>4.4.1.3</b> Getal diensgebruikers wat vroeë-intervensiedienste vir middelmisbruik ontvang het <sup>29</sup>	7 213	7 343	6 373	7 000	6 580	6 845	7 085
	Middelmisbruik-nasorg- en -herintegrasië dienste is beskikbaar.	<b>4.4.1.4</b> Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasië dienste vir middelmisbruik ontvang het <sup>30</sup>	2 078	2 258	1 821	2 416	2 510	2 612	2 687

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
<b>4.4.1.1</b> Getal gebruikers van dienste wat toegang tot binnepatiënt-behandelingsdienste by befondsde OSW- en DMO se eie behandelingsentrums sowel as DMO-KJSS'e verkry het.	1 241	310	310	310	311
<b>4.4.1.2</b> Getal gebruikers van dienste wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste verkry het.	3 620	850	923	923	924
<b>4.4.1.3</b> Getal diensgebruikers wat vroeë-intervensiedienste vir middelmisbruik ontvang het.	6 580	1 669	1 685	1 636	1 590

<sup>28</sup> Hierdie aanwysers word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Getal persone wat toegang tot voorkoming- en behandelingsprogramme verkry".

<sup>29</sup> Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Getal persone wat toegang tot voorkomingsprogramme verkry".

<sup>30</sup> Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Getal slagoffers van middelmisbruik wat toegang tot ondersteuningsprogramme verkry".

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
4.4.1.4 Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelmisbruik ontvang het.	2 510	497	674	674	665

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Alle bevorderingsintervensies vir middelmisbruiksteurings word deur die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008) gereguleer. Dit sluit voorkomende dienste, vroeë intervensie, gemeenskapsgebaseerde diens en nasorg- en herintegrasiedienste in. Hierdie intervensies sal bestuur word op 'n geïntegreerde en gekoördineerde wyse tussen die onderskeie regeringsdepartemente, gemeenskapsgebaseerde entiteite en befondsde diensverskaffers wat met die voorkoming en behandeling van middelmisbruiksteurings te kampe het. Die departement verseker dat dienste verskaf word in alle areas met die grootste behoefte en dat die diens beskikbaar is op gemeenskapsgebaseerde en binnepatiëntbehandelingsvlakke. Die oogmerk is om individue, gesinne en gemeenskappe te versterk in die stryd teen middelmisbruik. Dit stem ooreen met Prioriteit 4 soos vervat in die 2019 – 2024 MTUR, sowel as die WKR se VIP 1: "Veilige en koherente gemeenskappe", fokusarea 3: "Verhoogde maatskaplike kohesie en veilige openbare ruimtes" en VIP 3: "Bemagtiging van mense", fokusarea 4: "Gesondheid en welstand". Die 4<sup>de</sup> uitgawe van die Nasionale Dwelmeesterplan (2019 – 2024) wys ook die departement as die leier aan ten opsigte van Doelwit 1 van die plan wat spesifiek te make het met die vermindering van die vraag na middels.

Implementering van die uitsette sal verseker dat omvattende dienste beskikbaar is, met inbegrip van die voorsiening van verskillende behandelingsopsies wat die toeganklikheid van dienste sal verbeter. Die uitbreiding van skoolgebaseerde programme bied ook 'n toegangspunt vir die implementering van voorkoming- en vroeë-intervensieprogramme vir leerders in gevaar. Intervensies hang af van waar die individu geklassifiseer word op die kontinuum van hul middelmisbruiksteuring.

Uitsette het ten doel om die volgende te bied:

- 'n Omvattende respons op middelmisbruiksteurings;
- Toegang vir kwesbare kinders en volwassenes tot doeltreffende behandeling- en reabilitasiedienste vir middelmisbruiksteurings; en
- 'n Kontinuum van sorg wat op die behoeftes van die kliënt fokus en voorkoming en vroeë intervensie insluit om afhanklikheid hok te slaan sowel as behandeling vir diegene in nood. Laasgenoemde kan óf op 'n gemeenskapsgebaseerde óf op 'n binnepatiënt vlak wees. Voorts is nasorgdienste beskikbaar om doeltreffende herintegrasie in die samelewing te verseker.

Die departement sal steeds fokus op die registrasie van behandelingsfasiliteite en terapeutiese intervensies om nakoming te verseker van die minimum norme en -standaarde soos voorgeskryf in die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik. Hierdie intervensies sal ook nakoming van gesondheidsverwante standaarde verseker binne geregistreerde binnepatiënt-behandelingsentrums soos uiteengesit in die COVID-19-gesondheid- en veiligheidsregulasies. Voorts sal die departement opleiding in middelmisbruiksteurings (MMS'e) vir alle maatskaplike werkers en hulpmaatskaplikewerkers by GGG-skuilings in die loop van die 2021 MTUR uitbrei en MMS-behandelingsdienste by hierdie skuilings monitor. Die departement sal ook die sektor bly betrek met die oog op verhoogde kapasiteit, monitering en evaluering sodat gehalte verhoog word en norme en standaarde verwant aan gesondheid en veiligheid by alle behandelingsentrums gehandhaaf word.

### 5.4.1 Program se hulpbronnorewegings

Die styging van R15.837 miljoen vanaf die hersiene raming van R441.659 miljoen in 2020/21 tot R457.496 miljoen in 2021/22 is toe te skryf aan fasiliteite en behandelingsentrums wat teen volle kapasiteit bedryf is en verhoogde ondersteuning vir gesinne weens die impak van GGG. Daarna styg die begrotingstoewysing tot R464.150 miljoen in 2022/23 en tot R479.454 miljoen in 2023/24.

### Opsomming van betalings en ramings – Program 4: Herstellende dienste

Subprogram R'000	Uitkomste			Hoof- begroting 2020/21	Aangesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% Verandering vanaf hersiene raming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
4.1 Bestuur en ondersteuning	3 518	3 769	3 949	4 241	4 404	4 404	4 311	4 409	4 488	(2.11)
4.2 Misdaadvoorkoming en ondersteuning	218 659	238 437	262 679	314 003	268 199	268 199	274 278	281 724	291 095	2.27
4.3 Slagofferbemaatriging	32 225	45 057	50 472	58 085	65 297	65 297	65 812	66 755	67 648	0.79
4.4 Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	97 176	100 651	102 987	112 477	103 759	103 759	113 095	111 262	116 223	9.00
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>351 578</b>	<b>387 914</b>	<b>420 087</b>	<b>488 806</b>	<b>441 659</b>	<b>441 659</b>	<b>457 496</b>	<b>464 150</b>	<b>479 454</b>	<b>3.59</b>

### Opsomming van betalings en ramings per ekonomiese klassifikasie – Program 4: Herstellende dienste

Ekonomiese Klassifikasie R'000	Uitkomste			Hoof- begroting 2020/21	Aangesuiwerde begroting 2020/21	Hersiene raming 2020/21	Mediumtermyn-raming			% verandering uit hersiene raming 2020/21
	Geoudit 2017/18	Geoudit 2018/19	Geoudit 2019/20				2021/22	2022/23	2023/24	
<b>Lopende betalings</b>	<b>244 156</b>	<b>267 177</b>	<b>291 212</b>	<b>342 582</b>	<b>298 057</b>	<b>298 057</b>	<b>311 337</b>	<b>320 611</b>	<b>329 618</b>	<b>4.46</b>
Vergoeding van werknemers	149 378	161 830	192 763	252 988	227 584	227 584	234 332	238 637	243 074	2.97
Goedere en dienste	94 778	105 347	98 449	89 594	70 473	70 473	77 005	81 974	86 544	9.27
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>103 985</b>	<b>117 215</b>	<b>124 118</b>	<b>139 054</b>	<b>137 768</b>	<b>137 768</b>	<b>139 574</b>	<b>135 690</b>	<b>141 640</b>	<b>1.31</b>
Departementele agentskappe en rekeninge	16	8	12	18	18	18	20	22	24	11.11
Instansies sonder winsbejag	102 056	116 744	123 329	138 509	137 223	137 223	138 788	134 875	140 796	1.14
Huishoudings	1 913	463	777	527	527	527	766	793	820	45.35
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>3 437</b>	<b>3 522</b>	<b>4 757</b>	<b>7 170</b>	<b>5 834</b>	<b>5 834</b>	<b>6 585</b>	<b>7 849</b>	<b>8 196</b>	<b>12.87</b>
Geboue en ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	3 437	3 522	4 757	7 170	5 834	5 834	6 585	7 849	8 196	12.87
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>	<b>-</b>
<b>Totaal ekonomiese klassifikasie</b>	<b>351 578</b>	<b>387 914</b>	<b>420 087</b>	<b>488 806</b>	<b>441 659</b>	<b>441 659</b>	<b>457 496</b>	<b>464 150</b>	<b>479 454</b>	<b>3.59</b>

Die departement se planne en begrotings sal steeds herlei word om die mees ekonomiese, doeltreffendste en doelmatigste passing te verseker tussen gemeenskapsbehoefte sowel as nasionale en provinsiale prioriteite en provinsiale VIP's soos onder die subprogramme aangetoon.

Die volgende beginsels sal die begrotingsbesluite vir die duur van die MTUR begelei:

- Handhawing van basislyne vir oordragbetalings in 2021/22 en die herprioritering van projek- en programbefondsing;
- Bedryf van die ses addisionele GGG-skuilings vir mishandelde vroue (SP);
- Verhoging van subsidie vir bedspasie in skuilings vir mishandelde vroue (SP);
- Finalisering van tekortkominge by addisionele infrastruktuur (slaapsaal) in Clanwilliam ter operasionalisering daarvan; en
- Vulling van geprioritiseerde poste by beveiligdesorgfasiliteite.

### 5.4.2 Sleutelrisiko's en mitigasies

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<b>Kinders en persone is veilig en woon in beskernde gesinsomgewings.</b>	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Wet op Kindergeregtigheid (75/2008) en die Wysigingswet op Proefdienste (35/2002) sowel as die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013).</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Program implementeer planne ooreenkomstig wette se voorskrifte.</li> <li>● Kwartaallikse/tweejaarlikse vergaderings met belanghebbers om te verseker dat norme en standaarde soos voorgeskryf deur die Wet verstaan en aan voldoen word.</li> <li>● Lynmonitering van programimplementering.</li> <li>● Implementering van die SBP vir M&amp;E en gehalteversekering ten OSW-nakoming te verbeter.</li> <li>● Sentrale opnameproses vir plasing van alle kinders in gevaar.</li> <li>● Versterk gemeenskapgebaseerde intervensies en ondersteun plasing in plaas van gestruktureerde fasiliteite.</li> <li>● Versterk vroeë-intervensie- en voorkomingsdienste.</li> </ul>
	<p>Onvermoë om M&amp;E-funksies te verrig weens COVID-19-rampregulasies en risiko dat personeel besmet kan word.</p> <p>Beperkings op gereelde vergaderings (fisies) met belanghebbers weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<p>Geen fisiese kontak met OSW's:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Monitering via lessenaarevaluerings.</li> <li>● Ondersteunende dokumente geskandeer en per e-pos versend vir verifikasie.</li> </ul> <p>Virtuele platforms word ingespan:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>● Telefoniese vergaderings</li> <li>● Geskrewe kommunikasie (e-pos).</li> </ul>
	<p>Verspreiding van COVID-19-infeksie</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Skuilings moet aan COVID-19-protokolle voldoen.</li> <li>● Versterk nakoming van die gesondheid- en veiligheidsprotokolle sowel as werksplekprotokolle.</li> <li>● Skuilings en diensorganisasies moet aan COVID-19-protokolle voldoen.</li> <li>● Stadium 1-skuilings word tans gebruik vir 14 dae voordat slagoffers oorgeplaas word na stadium 2-skuilings vir die lang termyn.</li> <li>● Die M&amp;E-werktuie moet monitering van OSW's se nakoming van COVID-19-protokolle insluit.</li> </ul>
	<p>Beperkings op gereelde vergaderings met belanghebbers weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>● Gebruik virtuele platforms om te vergader.</li> </ul>

Uitkomst	Risiko	Versagting van risiko
<b>Kinders en jeug in gevaar word geïdentifiseer en gehelp met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en problematiese gedrag teëwerk.</b>	<p>Nienakoming van die statutêre vereistes van die Wet op Kinderegeregtheid (75/2008) en die Wysigingswet op Proefdienste (35/2002).</p> <p>Impak: Moontlike litigasie teen departement. Gekompromitteerde dienslewering – gehalte van dienslewering nie volgens standaard nie en begunstigdes kan in gevaar gestel word.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Program implementeer planne ooreenkomstig wet se voorskrifte.</li> <li>• Kwartaallikse/tweejaarlikse vergaderings met belanghebbers om te verseker dat norme en standarde soos voorgeskryf deur die Wet verstaan en aan voldoen word.</li> <li>• Lynmonitering van programimplementering, met insluiting van lessenaarevaluerings en die gebruik van virtuele platforms</li> <li>• Implementering van gepaste verbeterings aan dienslewering, bv. sentralisering van opname in kinderen-jeugsorgfasiliteite.</li> <li>• Verskaffing van hulp en ondersteuning aan befondsde organisasies en OSW-hulpkantoor vir die ontwikkeling en implementering van protokolle en veiligheidsmaatreëls om die verspreiding van oordraagbare siektes by plekke en sentrums waar dienste gelewer word, te verhoed.</li> </ul>
	<p>Beperkings op gereelde vergaderings met belanghebbers weens risiko van COVID-19-infeksie.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik virtuele platforms om te vergader.</li> </ul>

## 5.5 Program 5: Ontwikkeling en Navorsing

### Doel van die program

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

### Subprogram 5.1: Bestuur en ondersteuning

#### Doel van subprogram

Lê bepalings neer vir die betaling van salarisse aan en die administrasiekoste van bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme vervat in hierdie program lewer.

### Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering

#### Doel van subprogram

Bou veilige en volhoubare gemeenskappe deur sterk gemeenskapsnetwerke te skep, gegrond op die beginsels van vertroue en respek vir plaaslike diversiteit, en koester h samehorigheidsgevoel onder en vertroue in plaaslike mense.

Hierdie intervensies word dwarsliggend binne die subprogramme bestuur.

### Subprogram 5.3: Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's

#### Doel van subprogram

Om OSW-registrasie en nakomingsmonitering te ondersteun, met OSW-belanghebbers te skakel en te kommunikeer, institusionele kapasiteitsbou te verskaf, OSW-befondsing en -monitering te bestuur en h omgewing te skep waarbinne alle OSW's kan floreer.

## Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewing.	OSW's is gekapasiteer.	<b>5.3.1.1</b> Getal OSW's gekapasiteer. <sup>31</sup>	821	488	848	712	710	748	755
	OSW's word met registrasie gehelp.	<b>5.3.1.2</b> Getal OSW's met registrasie gehelp. <sup>31</sup>	997	1 229	1 552	798	798	878	965
	Ondersteun de opleiding in bestuurstoelig is tot OSW's se beskikking.	<b>5.3.1.3</b> Getal OSW's wat in voor- en na-evaluering aangetoon het dat hul kennis verbeter het nadat hulle ondersteunende opleiding in bestuurstoelig deurloop het.	12	12	12	12	12	12	12
	h Mentorskapprogram is beskikbaar vir OSW's.	<b>5.3.1.4</b> Getal OSW's in gevaar wat mentorskapprogramme deurloop het wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	12	12	12	12	12	12	12

<sup>31</sup>Hierdie aanwysers word gekoppel aan die MTUR-aanwyser "Getal OSW's gekapasiteer".

## Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teikens	K1	K2	K3	K4
5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer.	710	176	181	182	171
5.3.1.2 Getal OSW's met registrasie gehelp.	798	200	200	200	198
5.3.1.3 Getal OSW's wat in voor- en na-evaluering aangetoon het dat hul kennis verbeter het nadat hulle ondersteunende opleiding in bestuurstoetsig deurloop het.	12	-	-	-	12
5.3.1.4 Getal OSW's in gevaar wat mentorskapprogramme deurloop het wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het.	12	-	-	-	12

## Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

Hierdie subprogram sal bydra tot verbeterde organisatoriese funksionering en die beoefening van goeie bestuursbeheer en sal OSW's in staat stel om vennootskapsdienste doeltreffend te implementeer. Voorts sal dit departementele pogings om plaaslike OSW-ondersteuningsnetwerke daar te stel en te bevorder, in die hand werk waar hierdie netwerke ten doel het om bestuurspraktyke te versterk en dienslewering te verbeter. Die WKR se VIP's lê klem daarop dat mense bemagtig moet word deur veiligheidsnetwerke te bou ter verbetering van medewerking en inligtinggedrewe koördinerings. Die oogmerk van die subprogram strook regstreeks met die uitkomst: "Verenigde, demokratiese, deelnemende, nieseksistiese, nierassistiese, gelyke samelewing", en die WKR se VIP 5: "innovasie en kultuur", fokusarea 1: "Burgergesentreerde kultuur".

Hierdie program sal in hoofsaak fokus op die registrasie van OSW's via die DMO se OSW-hulpkantoor; OSW's se bestuur en funksionaliteit (opleiding); ondersteuning in die vorm van afrigting (mentorskap) en hulpverlening aan befondsde organisasies in gevaar (ten einde hul stelsels, bestuur en vermoëns te verbeter). Die daarstelling van 'n OSW-hulpkantoor en ondersteuningsnetwerke op 'n plaaslike vlak sal werk maak van die hoë vlak van nienakoming in die OSW-sektor en die volhoubaarheid van OSW's in landelike gebiede verseker deur hierdie areas vir opleidingsintervensies te teiken.

Ondanks die uitdagings wat COVID-19 inhou, sal die program voortgaan om hulp aan OSW's te verleen via aanlyn platforms, telefoonoproepe en die instapsentrum. Dienste by die instapsentrum word ooreenkomstig streng gesondheids- en veiligheidsprotokolle gelewer ten einde die veiligheid van personeel en kliënte te verseker.

## Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare bestaansmiddele

### Doel van subprogram

Bestuur die programme maatskaplike fasilitering en armoedeverligting vir volhoubare lewensmiddele.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en teikens

Uitkomste	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
<b>Kwesbare mense het voedingsondersteuning.</b>	Kwesbare mense ontvang daaglikse maaltye.	5.4.1.1 Getal gesubsidieerde maaltye verskaf aan kwesbare mense by departementeel befondsde persele en GVOS'e. <sup>32</sup>	N.V.T.	N.V.T.	7 533	9 536	9 620	9 620	9 620

<sup>32</sup> Hierdie aanwyser word gekoppel aan die MTSR-aanwysers "% kwesbare huishoudings met 'n gebrek aan voedselsekureit wat toegang tot voedsel verkry deur voedsel- en sekureitetsinisiatiewe" en "% van individue wat kwesbaar is vir honger wat toegang tot voedsel verkry deur voedsel- en voedingsekureitetsinisiatiewe".

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde / Werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-hydperk		
			2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24
	UOWP-werksgeleentede.	5.4.1.2 Getal UOWP-werksgeleentede geskep.	1 585	1 359	1 441	- <sup>33</sup>	1 886	1 886	1 886

### Uitset-aanwysers: jaarlikse en kwartaallike teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
5.4.1.1 Getal gesubsidieerde maaltye verskaf aan kwesbare mense by departementeelbefondsde persele en GVOS'e.	9 620	9 620	9 620	9 620	9 620
5.4.1.2 Getal UOWP-werksgeleentede geskep.	1 886	1 886	1 886	1 886	1 886

### Verduideliking van die beplande prestasie oor die mediumtermtydperk

